A

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1988-02-29

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

--------------------

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

--------------------

VOLUME 355

(Bladsye 20 316 - 20 391)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

COURT RESUMES ON 29 FEBRUARY 1988.

FINTA ELIZABETH MAGCUNTSU, d.s.s. (Through interpreter)

FURTHER EXAMINATION BY MR BIZOS : Mrs Magcuntsu, we were dealing with the funeral that took place on 18 February 1985 and you told us that Mr Lekota spoke. Was there a chairman or a master of ceremonies at this funeral? -- Yes, there was.

Who was it? -- Mr Bloem.

Did you know him at the time? -- I came to know him some two or three days before the funeral.

Where did you meet him? -- I met him at this place while we were busy preparing for the funeral.

COURT : At what place? -- At the Matches's place preparing for the funeral there.

MR BIZOS : What did he come to do there? -- He was assisting with groceries because he is a shop owner.

After you saw him there assisting with groceries, when did you see him again? -- I became aware of his frequent visits to this family. He was not the only person visiting there, but he was amongst the people who frequented the place.

And on the morning of the funeral before the funeral procession left the house, did you see him at the house? -- Yes, I saw him.

Did he perform any function there before you left the house? -- He explained that we must keep within the time.

And at the funeral, at the grave-yard, did he say anything? -- No, the chairman, all he spoke about was the time. Otherwise he did not have much to say.

Either at the house or as you were going along or at the grave-yard, did you see any banner? -- At the grave-yard, yes, I did.

What/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

What did you see? -- I saw a banner which was handled by two people who opened it up and raised it.

At the graveside? -- Yes.

What was written on it? -- I do not quite remember exactly what was written on it, because I did not pay a particular attention to that banner.

After Mr Lekota had spoken and Mr Bloem had said ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

MNR. JACOBS : Die getuie het reeds gesê mnr. Lekota was die laaste persoon wat gepraat het en nie dat daar iemand na hom gepraat het nie. Mnr. Bizos kan dit beslis nie nou stel dat na mnr. Lekota gepraat het en mnr. Bloem gepraat het nie.

MR BIZOS : I understood the evidence differently, but I will .. (Court intervenes)

COURT : Her evidence was very clear, nobody else spoke, referring to Mr Lekota.

MR BIZOS : After Mr Lekota had spoken, did you remain at the graveside or did you go away? -- I left.

I want you to please try and give some idea to his lordship, how many gates are there to this cemetery? -- There is one gate.

And the grave in which the deceased was buried, is that near the gate or far away from the gate? -- It is far away from the gate.

Were you near the grave? -- Yes, I was.

When you went away, were you among the first or among the middle or among the last to leave to get to the gate? -- I was with the last people leaving. That is I was with the last group towards the gate.

During the burial ceremony, were there any vehicles

in/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

in the cemetery? -- Yes, there were three police vehicles on the premises of the cemetery and the vehicles which were carrying the close relatives of the deceased were also on the premises.

What about the vehicles that people had come to the funeral with? -- These were outside the premises, that is outside the yard of the cemetery.

On the street or is there a parking ground there or what is the position? -- Off the road there is a place that is being used by vehicles to park whenever there is a burial at this cemetery.

When you reached the gate of the cemetery, the people ahead of you, what were they doing? -- Do you mean at the time when I was about to leave through the gate?

Through the gate, yes? -- Just when I was going through the gate I heard the following sound. "Puff, puff". I did not know what the cause was. I later became aware that there was some smoke which smoke was irritating one's nose through the nostrils. I later felt something hitting my arm, the left fore-arm. Later I noticed that my arm was swollen.

When you heard that "puff, puff" and eyes became affected and your arm was swollen, what were the people ahead of you doing? Where were they? -- Most of the vehicles at this funeral had left, although some of the people were still getting into vehicles which were still there and people were walking in different directions to their different places. There were some of the people who were heading for the deceased's house. In fact, we had dispersed already.

What did you do yourself after you felt these things? -- I ran to a Combi which was in the immediate vicinity

and/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

and got into that Combi.

And then? -- When I got into this Combi I noticed that the people in the Combi were all affected by this thing which caused people to - I am sorry, the people there appeared to me to have been all affected by this thing which was affecting the eyes and the nostrils.

Where did you go from there? -- We went to the deceased's residence.

Yes? And what happened there? -- When we got there we washed our hands, joined the queue from which we were to be served with food. Some people were already served with food. They were busy having their meals. Because of the injury I sustained from there I went to the hospital.

Was a card opened for you at the hospital? -- Yes, there was.

Were you admitted to hospital? -- No, I was not, the reason being that those that were admitted to the hospital, I noticed that they were under police guard. I was therefore not prepared to be under a guard of a policeman.

Did you go away? -- Yes, after having been given an injection I left.

Did you see anyone throwing stones at the police on this day? -- No, I did not see that.

And before you heard the sound that you described and felt the pain, did you see any person or persons misbehaving at or near the gate of the cemetery? -- No, I did not see any person misbehaving in the vicinity of the gate.

Did you go to any other funeral? -- Yes.

Who was the deceased? -- The deceased there was known to me as Pappie. His surname was Makhoko. They are my



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

neighbours.

Did you know how Pappie came to his death? -- I did not know. I only learnt about that when I came back from the hospital that he, Pappie, was dead.

Do you remember the date on which his funeral took place? -- Not quite, but the two funerals were not far apart.

How did you get from the house of the deceased to the cemetery on this occasion? -- I was a passenger in a Combi.

Whose Combi was it? -- Mr Molema's Combi. He is one of the councillors in the township.

Was he still a councillor at this time? -- Yes, he was still a councillor.

Did you start off from the deceased's house? -- Yes, we started off from the deceased's place.

Did anyone say anything at the deceased's place before you set off? -- I was very late on arrival there. People were already leaving. I then on arrival got into this Combi and we left.

Did you attend the burial at the graveside? -- Yes, I did.

Did anyone speak at the graveside? -- Yes, somebody did speak.

Who? -- The minister of religion.

Did anyone else speak? -- Yes, Mr Lekota saying that the way things are happening in Maokeng is not the proper way of putting things right. The best way of doing that is for people to sit around a table and discuss things in order to be put straight.

How many times did you see Mr Lekota at funerals? -- I saw him at the first funeral.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Did you see him again? -- No, this was the last time I saw him.

We are talking about the second funeral now? -- I am sorry, I did not understand that.

Who spoke at the second funeral? -- That was Mr Bloem who in most cases only was talking about the question of time. Otherwise he did not have a lot to say.

Did you leave the burial service at the cemetery? -- Yes, we left the graveside.

Where did you go to? -- We got into the vehicles and those who came on foot also left on foot.

Where did you go to? -- We went to the place of the deceased.

What happened then? -- On arrival there some people washed, some were still busy washing, some were already waiting in the queue to be served with food, some were already having their meals which were served after having been in the queues, when the police arrived and fired teargas.

At whom and where in relation to the place of the deceased? -- There was many of us in the yard and the shots of tear-gas were fired into that yard. I cannot say whether they were aiming at a particular person or just firing into the yard.

At the time that this happened was anyone misbehaving in any way or acting in a riotous fashion? -- No, I am not aware of a person who behaved in that fashion.

What did you do as soon as the gas affected you? -- This was not far from my place. I threw away the food I had with me like the other people who did that and ran away. I went to my house.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Het u kennis gedra dat mnr. Dennis Bloem ŉ winkel gehad het daar in die kleurling-gebied of ŉ kafee? -- Ja, ek het daarvan geweet.

Het u by sy winkel gekoop? -- Nee, ek het nie, want hy bly baie ver van my af.

Het u kennis dat mnr. Bloem daar ook in die swartwoonbuurt rondbeweeg het? -- Ek het hom nog nie vantevore gesien nie.

Was daar voor 11 Februarie 1985 plakkate rondversprei in die swartwoonbuurt?

HOF : Plakkate?

MNR. JACOBS : Pamflette? -- Ek het dit nog nie gesien nie.

Het u gesien dat plakkate aangebring was teen geboue, busstoppe of in die swartwoonbuurt self? -- Ek het dit nog nie gesien nie, want dit is nie dinge wat ek eintlik in belang gestel het nie. Ek het eintlik nie omgegee om spesifiek na sulke goed te kyk nie.

Maar het u hulle gesien sonder om hulle te lees dat hulle daar was?-- Ek het dit nie gesien nie.

Het u kennis gedra dat daar gaan ŉ optog wees 11 Februarie 1985? -- Ek het nie geweet nie.

Het u geweet dat daar in die woonbuurte word geagiteer teen raadslede en die raadstelsel en die onderwystelsel en apartheid in die algemeen? -- Nee, ek het nie daarvan geweet nie.

Het jy geweet dat daar raadslede bedank het? -- Ek het nie geweet nie.

Nooit gehoor van raadslede wat bedank het nie? -- Nee, ek het glad nie gehoor nie.

So, u kan ook nie vir die hof sê wie het bedank en

wie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wie het nie bedank nie? -- Ja, dit is so.

So, toe jy vir die hof gesê het die raadslid in wie se Kombi jy geklim het met die tweede begrafnis was voor hy bedank het, was eintlik nie heeltemal reg nie, want hy het nooit bedank nie, volgens jou?

MR BIZOS : Is that the way the question was put? Whether he was still a councillor?

COURT : Well, on that basis it seems it was led, otherwise he was not a councillor. You must put your question clearer. I understood it that he was a councillor at the time.

MR BIZOS : No, the witness's answer meant that in her mind he was a councillor at the time. The question that was put was, was he a councillor at the time. She said yes.

COURT : She said he was still a councillor at the time.

MR BIZOS : The question that was put is how could you say that he had not yet resigned? This is the objection to the question because he might have resigned without the witness knowing it and the witness still believing that he was still a councillor, but the way the question is put presupposes a knowledge of resignation.

HOF : Die vraag word toegelaat.

MNR. JACOBS : Sal u die vraag antwoord, asseblief? -- Wat was die vraag nou weer?

Jy was dan verkeerd gewees dat jy gesê het die raadslid in wie se voertuig, se Kombi jy ingeklim het daardie tyd met die tweede begrafnis dat hy toe nog ŉ raadslid was en dat hy blykbaar daarna eers bedank het?

HOF : Dit is nie soos ek die vraag die eerste keer verstaan het nie. Nou stel u hom baie sterker.

MNR. JACOBS : Ek kan nie die vraag presies meer onthou

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie.

HOF : As ek die vraag reg onthou, ek het die vraag ook nie goed afgeskryf toe u hom gevra het nie, was die vraag jy weet nie wie bedank het en wie nie bedank het nie. Hoe kan jy dan sê hy was nog steeds 'n raadslid?

MNR. JACOBS : Dit is hy, dankie. -- Hy was aan my bekend as 'n raadslid en ek was nie daarvan bewus dat daar ander mense bedank het as raadslede nie. So, ek het aanvaar dat hy nog 'n raadslid was teen hierdie tyd.

So, dit was baie moontlik dat hy toe alreeds bedank gehad het? -- Ek kan nie daaroor getuig nie. Al wat ek kan sê is, sover ek weet was hy 'n raadslid.

As dit so is dat vier raadslede het bedank, dan weet u ook daarvan niks nie? -- Dit is so, ja.

Jy het vir die hof gesê dat die oggend van 11 Februarie het die kinders van Modibeng Skool begin marsjeer. Is dit reg? -- Hulle het geloop.

Gemarsjeer. Is dit reg? -- Hulle het net daar verby geloop. Hulle het die hele pad vol geloop.

Kom ons kry dit net duidelik, het hulle in 'n bondel geloop of het hulle agter mekaar geloop? -- Hulle het net geloop daar. Hulle was eintlik nie op 'n manier opgestel nie. Hulle het net daar rondgeloop.

Hoeveel kinders was dit ongeveer? -- Ek skat ongeveer vyfhonderd, want wat my betref was dit die hele skool se kinders gewees.

En hulle moes tog seker in 'n lang tou geloop het? -- Nee, dit was nie 'n tou nie.

Het hulle leiers gehad wat voor geloop het? -- Dit het nie vir my so voorgekom dat daar enige leiers was nie.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was daar plakkate gewees of baniere? -- Ek het dit nie gesien nie.

Die kinders, toe hulle daar weggeloop het van daardie skool af, was daar nie polisie naby nie? -- Ek het ook nie die polisie gesien nie.

En dit is ook nie so dat polisie het hulle uit die skoolperseel uitgejaag nie? -- Wat my betref het dit voorgekom of hulle daar op hulle eie uit die perseel uit was.

Hierdie skool, hoe ver is hy van jou huis af? -- Alhoewel die skool nie so goed sigbaar is nie, kan 'n mens die skool darem nog sien en 'n persoon wat skool toe gaan moet by my huis verby kom. Met dié kan ek die persone sien.

Is dit so dat daar was nie geskietery of skote wat jy gehoor het voordat die kinders daar verby gemarsjeer het nie? -- Daar was hoegenaamd geen geluid van skote wat ek gehoor het voor die kinders daar verby is nie.

Toe die kinders daar verby gegaan het, soos hulle aan gekom het en verby gegaan het, het hulle ook ander liedere as Senzeni na gesing? -- Hulle het Senzeni na gesing.

En enige ander liedere ook? -- Ja, 'n ander een was Nkosi Sikilele e Afrika.

Nog? -- Dit is net daardie twee.

Het hulle nie gesing van Mandela en van Tambo nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

En het hulle slagspreuke geskreeu soos "Amandla Ngawethu" met die vuis in die lug? -- Ek het dit nie gehoor nie. Ek het ook nie die vuiste gesien nie.

En "Mayibyue e Afrika"? -- Nee, dit het ek ook nie gehoor nie.

Wat se ander slagspreuke het hulle geskreeu? -- Hulle

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het gesê hulle wil hê daar moet SRC wees.

Was hulle oproerig gewees as hulle so skreeu? -- Nee, hulle was nie oproerig nie. Hulle het net so normaal geskreeu.

Hoe skreeu ŉ mens normaal? -- Party is besig om te sing terwyl die ander besig is om te skreeu wat hulle wil hê.

En dit het so aangehou soos hulle aan gekom het en verby jou huis gegaan het en weggeraak het? -- Dit is so, ja.

In hierdie groep, soos hulle daar verby gegaan het, was dit net skoolkinders of was daar volwassenes tussen hulle? -- Toe hulle daar verby is was dit net skoolkinders gewees.

En was daar van hulle wat al hier by die 20, 21 jaar oud is? -- Ek skat dit ongeveer tussen 16, 17 tot 18.

Is daar nie van hulle wat ouer was wat in matriek alreeds is nie? -- Daar was, want dit was die hele skool gewees.

En is hulle nie al hier by die 20, 21 rond nie? -- As ek terug dink, ek kan nie meer so goed onthou of ŉ mens kan sê dat daar kinders was van daardie ouderdomme nie. Ek onthou hierdie wat ek nou net geskat het van skoolgaande kinders wat ek nog aan kan terug dink.

So, as jy nie kan onthou nie, dan was dit moontlik, nè? -- Ek weet nie so goed dat ek vir die hof kan sê dat dit moontlik was nie.

HOF : Kom ons los die optog. U ken die skoolkinders, hulle kom elke dag by u huis verby. Is die oudste skoolkinders 18 jaar of is die oudste skoolkinders ouer as 18 jaar? -- Ek skat hulle op 18.

MNR. JACOBS : Hoe lank na hulle daar by u verby is het hulle teruggekom? -- Omtrent ŉ uur.

Het hulle toe gehardloop toe hulle teruggekom het na

ŉ/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ŉ uur? -- Van hulle het voor my huis verby gehardloop.

En was dit weer ongeveer vyfhonderd of was dit hierdie keer meer gewees? -- Wat ek kan sê is dat die skoolgaande kinders wat uniforms aangehad het, was minder gewees. Die meeste nou daar was kinders gewees wat nie in skooluniforms gekleed was nie.

As u sê dit was kinders gewees wat nie skooluniforms aangehad het nie, hoe kan u nou sê hulle was kinders gewees? -- Volgens my waarneming kan ek hulle nog as kinders beskou, maar dit was vir my duidelik gewees dat hulle nie meer skoolgaande kinders was nie.

Tot watter ouderdom sal u sê is hierdie mense nou, dié wat in die meerderheid is? -- 19, 20 tot 21.

Het hulle T-hemde aangehad? -- Ek het nie T-hemde gesien wat hulle aangehad het nie.

Wat het hulle dan aangehad? -- Hulle het rokke aangehad.

Was dit net vrouens gewees? -- Daar was seuns ook gewees wat sommer gewone broeke aangehad het.

En hemde? -- Skoliere het grys broeke en wit hemde aangehad. Dit is nou die seuns. Dié wat nie meer skoliere was nie, was gekleed in verskillende tipes klere, naamlik die broek en die hemde.

Verskillende soorte hemde, wat onder andere T-hemde insluit? -- Ek het nie T-hemde opgemerk nie.

Het u nie die COSAS en UDF T-hemde gesien daar onder nie? -- Ek het dit nie gesien nie.

Hierdie mense, waarheen het hulle gehardloop of gegaan? -- Hulle was vanaf die rigting van die winkels in ŉ westelike rigting.

Ja, waarheen is dit, daardie rigting waarheen hulle

gegaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gegaan het? -- Hulle het net in daardie rigting gehardloop. Soos ek daar was, was dit na my linkerkant toe in 'n westelike rigting. Daar is niks spesifiek wat ek na kan verwys wat daar is in die rigting waarheen hulle gehardloop het nie.

Is dit verby die skool? -- Nee, hulle het nie by die skool verby gegaan nie.

Waarheen het hulle dan gegaan? Het hulle afgedraai van daardie pad wat skool toe gaan? -- Ek weet nie wat het daar voor gebeur nie. Ek het gesien dat hulle in die rigting van die skool gehardloop het, maar hulle het nie skool toe gegaan nie.

Maar wat het voor gebeur? Waar gaan hulle heen? -- Hulle het in daardie rigting gehardloop en die volgende oomblik het ek opgemerk dat hulle net verdwyn het. Waarheen, weet ek nie.

Het hulle afgedraai in 'n straat? -- Ek het nie veel ag op hulle geslaan nadat hulle verby is om te kan sê of hulle met 'n ander straat afgedraai het of wat met hulle gebeur het nie.

Maar u het dan spesiaal gaan kyk daar wat gaan aan met hierdie klomp mense wat so verby hardloop? U het dan belang gestel? -- Dit is nie dat ek belang gestel het in hulle nie, maar wat gebeur het is dat as 'n persoon by jou woning verby gaan en die persoon doen iets snaaks wat 'n mens nie aan gewoond is nie, dan sal jy natuurlik uitgaan om te sien wat is nou dit wat gebeur het. Dit is wat in hierdie geval gebeur het.

Dan sal 'n mens mos, as jy so nuuskierig is om te sien wat gaan gebeur daar, sien wat daar voor gebeur? Jy sal dan mos kyk vir die mense? -- Ek sou nie agter hulle aan

gehardloop/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gehardloop het om te kon sien wat hulle doen nie.

Niemand het dit gesê nie, maar jy kan mos sien tot by die skool. Dan moes jy dit mos gesien het?-- Ek kon gesien het so ver as die skool van my huis, af, maar ek het nie opgelet of hulle nou afgedraai het en indien wel, na watter rigting hulle afgedraai het nie.

Is dit nie so dat u veel meer gesien het as wat u bereid is om vir die hof te sê nie? -- Ek het gesien wat ek veronderstel was om te sien, want daar was baie min dinge gewees wat daar voor my plaasgevind het.

Was die mense nie voorgekeer deur die polisie daar op 'n stadium nie? -- Toe hulle daar by my verby is het ek nie gesien dat hulle deur die polisie voorgekeer word nie. Ek het net gesien dat hulle daar verby is.

En dat u toe gesien het dat hulle die polisie met klippe gooi wat u nie nou vir die hof van wil vertel nie? -- Ek het nie gesien dat die polisie met klippe aangeval is nie.

Het u nie gesien dat daar voertuie is wat in die straat gebrand word nie en dat u dit nie vir die hof wil sê nie? -- Na die kinders verby was het ek later iets geruik van 'n reuk van iewers af.

Soos iets wat brand?-- Iets soos rook wat 'n mens se oë geaffekteer het dat die oë juk.

Toe die klomp mense daar by u huis verby gehardloop het, wat se slagspreuke het hulle geskreeu? -- Hulle het nie slagspreuke geskreeu nie.

Het hulle gesing? -- Hulle het nie gesing nie.

Het hulle enigiets anders geskreeu? -- Ek het nie gehoor dat hulle skreeu nie.

Dit is mos nou onmoontlik. Jy staan nou hier voor

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die huis, die mense vlak voor jou verby, hoe kan jy nie hoor of hulle iets skreeu nie? -- Ek het nie gehoor dat hulle skreeu nie. Ek het gesien dat hulle wel besig was om weg te hardloop.

Hulle was tog seker nie doodstil gewees die mense en doodse stilte daar verby gehardloop nie? -- Wat my betref, toe hulle daar verby is, was hulle stil.

Wat het jou aandag getrek dat jy nou uitgegaan het om te gaan kyk en toe die mense sien? -- 'n Mens kan hoor as iemand buite hardloop, veral as hulle baie is. Dan kan 'n mens nog duideliker hoor dat dit mense is wat hardloop.

Het jy enige plakkate by hierdie mense op hierdie stadium gesien? -- Ek het dit nie gesien nie.

Voordat hierdie mense daar by jou gekom het en voor jy hierdie rook geruik het wat jou oë affekteer en wat jou neus affekteer, het jy enige skote gehoor? -- Ek kon hoor dat in die rigting van die winkels iets aan die gang is.

HOF : Is die antwoord nou daar is skote gehoor? -- Ja, ek het skote gehoor in die rigting van die winkels.

MNR. JACOBS : Is dit nou voordat hierdie mense daar verby gehardloop het? -- 'n Rukkie na hulle daar verby gehardloop het, het ek dit gehoor.

Nie voordat die mense verby gehardloop nie? Toe het jy niks gehoor nie? -- Na hulle verby was, het ek gevoel dat daar iets was wat my oë affekteer.

Hoekom wil jy nie my vraag antwoord nie? -- Miskien verstaan ek nie die vraag nie.

Wel, dit is 'n eenvoudige vraag. Ek het vir jou gevra voordat hierdie mense verby gehardloop het, het jy enigiets gehoor, enige skote gehoor? -- Dit is voor ek dit gehoor

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het.

Dat die mense verby gehardloop het? -- Ja, die mense het eers verby gehardloop, eers daarna het ek die skote gehoor.

Nadat u die skote gehoor het, het daar nog mense verby gehardloop? -- Nee, daar was nie meer mense gewees wat daar verby is nie. Ek weet nie by ander plekke nie, maar nie daar nie.

En toe u nou die skote gehoor het, was dit nadat die mense wat verby gehardloop het alreeds verdwyn het? -- Dit is voor hulle verdwyn het.

Het jy polisiebeamptes of polisievoertuie gesien toe die mense daar gehardloop het? -- Hierdie gebeure het plaasgevind in die nabyheid of die rigting van die winkels en my uitsig is belemmer. Ek kan nie die winkels sien nie. Dus kan ek nie sê of daar polisiebeamptes was by die winkels of nie.

En agterna, nadat hierdie mense verby is, het daar enige polisievoertuie agter die mense aan gekom? -- Dit was na ŉ hele ruk na die mense al weg was, dat die polisievoertuie daar verby is.

Toe u nou die skote gehoor het, het u ook die geskreeu en geraas van mense gehoor in daardie rigting gehoor toe die skote afgevuur is? -- ŉ Mens kon hoor dat daar wel ŉ geraas was in die rigting van die winkels.

Is dit die geraas van mense wat skreeu en so aan? -- Ja, ŉ geraas van mense byvoorbeeld wat iets snaaks sien, iets wat hulle laat skrik het.

Is dit die geskreeu van mense? -- Ja, maar die geskreeuery was van die mense wat geskrik het.

Hoe kan u dit sê? -- Die geskreeuery van mense verskil. Jy kan dit uitmaak. ŉ Persoon wat skreeu omdat hy geskrik

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het, daardie geluid kan jy hoor dat die persoon geskrik het. Of 'n persoon wat net skreeu vir iets sal jy ook kan hoor.

Dieselfde tyd toe u nou die geskreeu van mense en die skote hoor, het u rook gesien in daardie rigting van die winkels? -- Ja, daar was rook gewees.

Rook van goed wat aan die brand is? -- Nee, dit was nie rook van goed wat aan die brand was nie.

Was daar nie digte rook wat opgegaan het van goed wat gebrand het nie? -- Nee, dit was die rook van die goed wat ons daar geaffekteer het.

Die winkels, hoe is hulle van u huis af? -- Dit is die derde straat van my straat af.

Het die wind gewaai daardie dag? -- Nee, daar was nie wind wat gewaai het nie. Dit was net normaal gewees, sonder snaakse weer.

Het u u huis verlaat daardie dag behalwe dat u nou u huis verlaat het om te gaan kyk? Die perseel verlaat het, heeltemal weggegaan het die dag? -- Ja, ek is uit in die rigting van die winkels.

Wanneer was dit? -- Ek kan nie meer onthou hoe laat dit was nie, want dit was 'n rukkie na die gebeure wat ek al beskryf het.

Het u gegaan tot by die winkels? -- Ja, ek was tot by die winkels.

Wat wou u daar gaan maak? -- Ek het gaan koop.

Het jy nie uit nuuskierigheid gegaan om te gaan kyk wat daar gebeur nie? -- Nee, maar ek was onder die indruk gewees dat dit nou stil was, daar is niks meer wat aan die gang is nie.

Was u nie bang dat daar nog polisiebeamptes rondry

en/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en dat daar nog moeilikheid is nie? -- Nee, dit is omdat ek gedink het dit was stil.

Op pad daarheen en by die winkels het u enige polisiebeamptes opgemerk? -- Ek het wel die polisie gesien wat daar verby is. Ongelukkig kon ek nie by die winkels aandoen nie, want die winkels was alreeds beskadig.

Was die winkels nie gebrand gewees nie?-- Nee, dit was nie gebrand gewees nie.

Hoe ver het u van die winkels af gekom? -- Ek het tot by die winkels gekom en daar van buite gekyk. Ek het nie binnegegaan nie. Ek het rondgekyk, rondom die winkels gekyk.

Hoe was die winkels beskadig? -- Daar was net ingebreek gewees en kruideniersware was verwyder.

Hoe weet u dit? -- Dit was duidelik daar dat 'n mens dit kon gesien het, want van die goed het daar geval en dit was gebreek gewees.

Was die vensters van die winkel nie gebreek nie, stukkend gegooi? -- Dit was gebreek gewees.

Het daar klippe rondgelê teen die winkels op die stoepe? -- Ek het nie opgelet om na die klippe te kyk nie, maar wat ek wel vir die hof kan sê is dat ek wel gesien het dat die winkels gebreek was.

Hoeveel winkels? -- Dit is by die winkelsentrum van Seeisoville en almal daardie winkels was gebreek gewees.

Hoeveel winkels was daar? -- Dit is 'n hele paar winkels. Ek kan nie sê in getal hoeveel was hierdie winkels nie.

Meer as tien? -- Ja, dit is meer as tien.

En kafees ook? -- Ja, die winkels wat ek van praat is in die meerderheid kafees.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was daar padversperrings gewees in die omgewing van die winkelsentrum? -- Daar was geen plek waar daar padversperrings was nie.

Op pad na die winkel toe, het jy enige padversperrings gesien? -- Nee, niks nie.

Het jy op die pad enige asblikke gesien? -- Nee, daar was nie.

En klippe, groot klippe? -- Nee, daar was nie.

Aan wie behoort hierdie winkels? Weet u? -- Ja, ek ken van die eienaars van hulle.

Is dit raadslede of nie? -- By ons woonbuurt is daar geen winkel wat aan 'n raadslid behoort nie.

So, dit was privaat eiendom gewees?

HOF : Is 'n raadslid se eiendom nie ook privaat eiendom nie?

MNR. JACOBS : Dit is so. Hoe lank het u daar by die winkels gebly? -- Ek was nie lank daar nie. Ek het net gekyk en toe teruggekeer. Ek het nie tyd gemors daar nie.

Op daardie stadium was daar nog mense wat daar rondgemaal het, jong mense, groepe? -- Nee, dit was net ou mense gewees, ou vrouens eintlik wat verbaas was oor wat daar gebeur het.

'n Tyd nadat u teruggekeer het by die huis, het u toe nie weer skote gehoor in die rigting van die winkels nie? -- Nee, ek het dit nie meer gehoor nie.

Jy sien, ons het getuienis gehad dat gedurende die hele dag daar in Seeisoville het daar moeilikheid ontstaan waar die polisie op mense geskiet het. Het jy dit nie gehoor nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

En dat op 'n tweede stadium na 'n tyd is daardie winkels weer aangeval en is daar weer geskiet waar mense toe dood geskiet was? -- Dit is nie die waarheid nie.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was daardie dag niemand by die winkelsentrum dood geskiet nie? -- Niemand is by die winkels dood geskiet nie.

Is daar nie twee persone dood geskiet en dit is hulle begrafnis wat jy dan op die 18de gaan bywoon het nie? -- Hulle was nie by die winkels geskiet nie.

Waar was hulle geskiet? -- Die een van ons familie is laat die aand geskiet op pad terug vanaf die gholfklub.

Waar is hy geskiet? Buitekant Seeisoville? -- Ek kan nie daaromtrent getuig nie, maar wat ek wel gehoor het daar by die familie is dat hy op daardie manier geskiet was. Hy was in die geselskap van een van sy broers wat saam met hom was toe die voorval plaasgevind het.

Dit is nou Matches? Dit is julle familie? -- Ja, Joseph Matches.

En as jy nou sê laat die aand, wat bedoel jy met laat die aand? -- Tussen 17h00 en 18h00.

En die ander een, die tweede persoon wat geskiet was? -- Dit was op die dag van die begrafnis van Matches dat hierdie een geskiet was. Waar kan ek nie sê nie.

So, op die dag van die 11de was daar net een persoon geskiet volgens jou getuienis? -- Ja.

En jy sê hy was nie binne-in die woongebied geskiet nie, maar op pad vanaf die gholfbaan? -- Ek weet nie of hy alreeds in die lokasie was en of hy nog nie die lokasie binne gekom het nie, maar hy was op pad vanaf die gholfbaan in die geselskap van sy broer toe hy geskiet is.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is dit nou die ander een of Matches? -- Dit is Matches.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

FINTA ELIZABETH MAGCUNTSU, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U sê die tweede persoon wat dan gedood is, is gedood na die begrafnis op 18 Februarie? -- Ja, dit is wat ek sê.

En waar is hy gedood? -- Ek weet nie waar nie. Ek het eers daarvan gehoor na ons by die oorledene se huis gekom het dat die persoon oorlede is.

HOF : By watter oorledene se huis gekom het? -- Toe ons by die eerste oorledene se huis gekom het.

Kom ons noem dit nou op name, asseblief. -- Toe ons by Joseph Matches se huis gekom het, het ons gehoor dat Pappie Makhoko oorlede is.

MNR. JACOBS : En Pappie Makhoko, is dit jou buurmense? -- Ja, dit is reg.

En voor daardie datum, 18 Februarie 1985 het u Pappie Makhoko gesien daar by sy huis? -- Ek het hom af en toe gesien, want hy was maar 'n kind wat orals daar was en gespeel het.

En dit was tussen 11 Februarie en 18 Februarie 1985? -- Nee, nie in daardie tydperk nie. Dit was voor daardie tydperk wat u noem wat ek hom gesien het.

Het u hom glad nie gesien in daardie tydperk nie? -- Gedurende hierdie tyd van die onluste het ek hom nie gesien nie.

En daar op die begrafnis van Matches toe dit bekend gemaak is dat hy ook dood is, is daar gesê dat hy by die begrafnis was, is hy gedood?

HOF : Is dit by die begrafnis van Matches bekend gemaak dat hy, wat Pappie is, oorlede is?

MNR. JACOBS : Ek dink nadat sy teruggekom het van die graf af het sy dit daar gehoor.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Dit is by die huis van Matches?

MNR. JACOBS : By die huis van Matches. Dit is na die begrafnis. Nou vra ek tussen die tydperk, wat is gesê tussen die tyd wat die begrafnis by die begraafplaas plaasgevind het en tot die tydperk wat jy weer by Matches se huis aangekom het, is hy toe gedood? -- Wat gesê was is dat hy oorlede is op pad vanaf die graf.

U sien, ek wil dit aan u stel dit is nie die waarheid wat u vir die hof vertel nie, want hierdie Pappie is die tweede persoon wat dood geskiet is op 11 Februarie 1985 tydens die onluste? -- Nee, dit is nie die waarheid nie. Pappie is nie op daardie dag van die 11de oorlede is. Pappie is gedood op die dag van die begrafnis waar ons vir Matches begrawe het.

Laat ons net duidelikheid kry. Op die dag toe Pappie begrawe is, is daar op daardie dag iemand gedood? -- Ja, iemand was dood.

Wie was dit?-- Wolf se kind.

Het jy sy begrafnis bygewoon? -- Nee, ek kon nie gaan nie, want ek het al ŉ begrafnis bygewoon van een van my familielede en die tweede begrafnis wat ek bygewoon het is my buurmense s'n. Hierdie een het ek nie ŉ goeie rede gehad om by te woon nie.

Op 11 Februarie 1985 weer kan u vir ons sê die burgemeester van Seeisoville, is sy huis naby julle s'n? -- Nee, dit is ver. Dit is in Phomolong geleë.

En die Mphoadi Onderwyskollege, is dit naby julle geleë? -- Dit is ver.

Na die 11de, u het nou blykbaar gesien die plekke was beskadig gewees, die winkels, weet u van enige winkels

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat afgebrand is daar in daardie woongebied? -- Ek weet nie van winkels wat afgebrand was nie. Ek weet net van hierdie winkels in Seeisoville daar by my wat beskadig was.

Na die 11de het u na die winkelsentrum toe gegaan en nie gesien dat daar enige winkels gebrand het nie? -- Winkels te Seeisoville was nie gebrand gewees nie.

Dra u kennis daarvan dat die burgemeester van Seeisoville se huis aangeval was met klippe op die 11de? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

En dat sy voertuig aan die brand gesteek is, sy motor en sy Kombi omgekeer was? -- Ek het nie daarvan gehoor nie.

Het jy kennis gedra dat die Mphoadi Onderwyskollege aangeval was en dat voertuie daar met klippe gegooi was? -- Ek het nie daarvan gehoor nie. Ek weet net van hierdie blok waar ek woon.

Woon daar enige polisiebeamptes of raadslede in u omgewing? -- Nie 'n raadslid nie, maar wel 'n polisiebeampte as 'n huurder.

Op daardie 11de was daar ook huise van raadslede en polisie met klippe aangeval en beskadig? -- Nee, ek kan nie daaroor getuig nie. Ek kan wel getuig oor 'n polisieman wat 'n loseerder is in die onmiddellike omgewing van my huis by ander mense. Hy was nie gepla nie.

Is dit nie waarheen die mense daardie dag gehardloop het om sy huis te gaan aanval nie? -- Nee, hulle het nie daardie huis toe gehardloop nie.

En dat daar ook daardie dag van die 11de vier trekkers van die raad, swart plaaslike bestuur uitgebrand is? -- Ek weet nie daarvan nie. Dit het nie in my teenwoordigheid plaasgevind nie.

So/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

So, van al hierdie plekke wat aangeval is, weet u niks van daardie op 11 Februarie 1985 nie? -- Behalwe dat ek daarvan gehoor het. Dit wat 'n mens nie van gehoor het nie, weet hy nie van nie. Ek praat van dinge wat ek self gesien het wat in my teenwoordigheid plaasgevind het.

HOF : Al hierdie dinge wat nou aan u gestel is, het u in daardie tyd daarvan wel gehoor? -- Dit was na 'n hele ruk wat ek eers daarvan gehoor het.

'n Paar dae of 'n paar weke? Hoe lank daarna? -- Na 'n paar dae wat ek nie eintlik kan sê hoeveel nie, het ek eers daarvan gehoor.

MNR. JACOBS : Is dit nie so nie dat u is ook betrokke by die aktiwiteite van DESCOM daar in Seeisoville? DESCOM staan vir Detainees Support Committee? -- Nee, ek is nie daarby betrokke nie.

Is u nie 'n lid van daardie komitee van Seeisoville nie? -- Nee, ek is nie.

Het u van hulle vergaderings bygewoon in Seeisoville? -- Nee, ek het nie.

Weet u wie is die lede van die komitee daar in Seeisoville? --Ek weet nie, want ek weet nie eers daarvan nie.

Was u nie na Khotso Huis toe om vergaderings van DESCOM ook daar by te woon nie? -- Ek weet nie eers waar is Khotso House nie.

Was u saam met mense vanaf Seeisoville na enige plek in Johannesburg om vergaderings by te woon? -- Nee, ek was nie.

Die begrafnis van 18 Februarie 1985, u het gesê daar was 'n nagwaak gehou? -- Ja, daar was.

Was dit nou gehou die nag voor die begrafnis? -- Ja, tot die oggend.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En was u die hele nag daar tot die oggend? -- Ja, ek was daar gewees tot die oggend, want ek is ʼn mens wat as ʼn familielid van die mense beskou kan word.

Tot hoe laat die oggend het dit aangehou? -- 05h30 tot 06h00.

Mnr. Dennis Bloem, was hy daar gedurende die nagwaak? -- Hy was nie.

En beskuldigde nr. 20? -- Hy was nie daar nie.

Was daar baie jong mense gewees van COSAS en AZASO by die nagwaak? -- Ek het nie sulke persone daar gesien nie.

Was daar baie jong mense gewees? -- Net soveel as die groot mense.

Was dit baie gewees? -- Nie so baie nie, want dit was in die nag.

Is dit jong mense van die hoërskole daar in Seeisoville? -- Ja, maar daar was skoliere sowel as dié wat nie meer skoollopend was nie.

Van watter skole se jong mense was almal daar? -- Ek sal nie kan sê nie, want jy kan nie net ooglopend kyk en sê die kind behoort aan so ʼn skool nie.

Watter skole se kinders het jy herken daar? -- Ek neem aan dit was kinders van verskillende skole af.

Antwoord nou maar net. Van watter skole se kinders het jy herken daar? -- Dit was kinders van verskillende skole. Ek kan nie spesifiek sê van watter een nie.

Ken u ʼn persoon met die naam van Daniël George? -- Ek ken hom nie.

Ken u vir George Mogojane? -- Ek ken hom ook nie.

Thomas Mokau? -- Ek ken hom nie.

Prince/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Prince Modise? -- Ek ken hom ook nie.

Sarah Mathabela? -- Ek ken haar nie.

Nsigo Tshehare? -- Ek ken hulle nie.

Isaac Moahlodi? -- Ek ken hom nie.

Miriam Sebetoare? -- Ek ken haar ook nie.

David Matsepe? -- Ek ken hom nie.

En Leslie Helepi? -- Ek ken hom ook nie.

En Tsietsi Kopung? -- Ek ken hom ook nie.

Gedurende hierdie nagwaak, is daar toesprake gehou? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, want ek het sekere werk gedoen daar buite.

As daar mense is wat toesprake gehou het dan sal jy dit tog weet en jy sal dit onthou? -- Ek het nie stil gesit waar die diens gehou is vir die nagwaak nie. Ek was meeste van die tyd daar buitekant waar ek besig was om te werk, aangesien ek 'n lid was van die familie daar.

Was daar vryheidsliedere gesing? -- Dit was net kerkliedere gewees.

Is daar niks gesing oor Mandela en Tambo en daardie mense nie? -- Nee, dit was nie so gesing nie.

Het u die voorwaardes wat die landdros gestel het vir hierdie begrafnis gesien? -- Ja, ek het.

Het jy dit gelees, jy en die ander familie wat so hard gewerk het daar? -- Toe dit daar aangebring was, was ek alreeds teenwoordig en dit was deur een van die familielede aan ons, die lede van die familie, gelees.

Het julle, die lede van die familie, dit bespreek? -- Ons was verbaas gewees omdat ons dit vir die eerste keer gesien het dat daar sekere regulasies of instruksies gegee word omtrent 'n begrafnis.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het julle dit bespreek? Dit was tog ŉ eenvoudige vraag? -- Ons het dit nie bespreek nie. Ons het net gesien dit word daar aangebring.

Was dit een van die voorwaardes wat die landdros gestel het dat die lyk mag nie vroeër as ŉ uur voor die tyd deur ŉ lykswa na die begrafnishuis gebring word nie? -- Toe ek teruggekom het vanaf my huis waar ek myself gaan voorberei het om die begrafnis by te woon, vind ek dat die lyk alreeds daar is. Ek weet nie hoe laat die lyk daar gekom het nie.

HOF : Antwoord nou net die vraag? -- Wat was die vraag nou weer?

Die vraag was, was dit ŉ voorwaarde dat die lyk nie vroeër as een uur voor die tyd by die huis gebring moet word deur die lykswa nie? -- Ja, daar was so ŉ voorwaarde gewees.

MNR. JACOBS : Was dit ook ŉ voorwaarde gewees dat die lyk mag nie gedra word nie, maar hy moet vervoer word? -- Ja, daar was so ŉ voorwaarde gewees.

Kan jy onthou of daar enige voorwaarde was oor plakkate of baniere of so iets? -- Ek kan nie meer so goed onthou of daar iets gesê was aangaande dit nie.

Kan jy jou voorstel dat daar so iets gesê was? -- Nee, as ek reg is, lyk dit my daar was niks daaromtrent nie.

Was daar iets gesê omtrent die duur - hoe lank die begrafnis mag duur? -- Ja, daar was, al kan ek nie meer presies onthou wat die tyd was nie.

Was daar ŉ bepaling dat na die begrafnis moet die mense dadelik uiteen gaan en hoegenaamd geen byeenkoms van watter aard ook al mag gehou word nie? -- Dit kan ek nie meer so goed onthou nie, maar as ek terugdink onthou ek dit so vaag dat dit verduidelik was.

Dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dat na die begrafnis moet die mense dadelik uiteen gaan en geen byeenkoms van watter aard ook al nie? -- Ja, ek onthou, dit lyk my daar was iets gesê aangaande dit.

Hoe het dit gekom dat op hierdie begrafnis die kis toe nou nie op 'n lykswa geplaas is nie of was hy toe in die lykswa? -- Dit was nie in die lykswa vervoer nie, want dit was laat gewees om daar te kom.

Die bevel van die landdros was mos dat dit in die lykswa vervoer moes word. Is dit nie? -- Die tyd was beperk en dit was alreeds laat. Die lykswa het nog nie opgedaag nie. Ons moet by die tyd hou.

So, die lykswa het daardie dag nooit opgedaag nie? -- Dit het opgedaag, maar dit was net laat. Ons was alreeds besig om weg te gaan.

Op watter stadium? Voordat die kis al begin beweeg het of op watter stadium het dit opgedaag? -- Ons was al besig om weg te beweeg, dit wil sê die kis was alreeds besig om te beweeg.

Is dit nog daar by die huis van die oorledene? -- Nee, nie meer by die oorledene nie.

Was julle al ver weg van die oorledene se huis af? -- Dit was al 'n hele ent gewees van die oorledene se huis af, soveel dat dit nie die moeite werd was om dit weer af te haal en in 'n ander voertuig te plaas nie.

Was julle al verby die polisiestasie? -- Ons gaan nie by die polisiestasie verby om by die begraafplaas te kom vanaf die oorledene se huis nie. Daar is 'n saal daar. Dit is die naaste plek waar ons verby gaan. Die polisiestasie is meer na die kant toe.

Gaan julle nie in die nabyheid van die polisiestasie

verby/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verby nie? -- Nie soveel nie, want die polisiestasie is maar net langsaan die saal.

So, met ander woorde, julle is langs die polisiestasie verby? Nou nie teen hom verby nie, maar in die omgewing van die polisiestasie verby? -- Ons is by die saal verby.

Was julle alreeds daar verby toe die lykswa gekom het? -- Ja, ons was al verby.

So, dit is dan eintlik nie soos jy sê dat julle eintlik net wou of net begin beweeg het by die huis toe die lykswa gekom het nie, maar julle het al 'n hele ent geloop voordat die lykswa daar opgedaag het? -- Ons was al 'n entjie weg vanaf die oorledene se huis, maar nie so ver nie, want daar is 'n oop stuk veld tussen die oorledene se woning en die saal.

Van waar het die lykswa gekom? Van voor af julle genader? -- Nee, van agter.

Het hy van agter af gekom, agter die stoet? -- Ja, dit is so.

Het hy toe van agter af gery om verby die stoet te kom as hy die lyk moet oplaai? -- Dit sou nie gebeur het nie. Volgens die swartmense word 'n lyk nie omgeruil van een voertuig na 'n ander nie. Dit sou nie gebeur het nie.

Hy kom nou, die stoet is nou aan die gang, hy kom nou aan die agterkant. Wat word nou van hom? -- As ek nog reg onthou wat ek wel gesien het is dat die lyksvoertuig het op die ou end sommer gewone mense daar opgelaai. Wat toe later daarvan geword het, weet ek nie.

HOF : So, het ons nou 'n stoet gehad met die lyk voor aan en die lykswa agter aan? -- Ja, dit is eintlik die manier hoe mense loop na die begrafnis toe.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Met die lykswa agter die mense? -- Dit was laat gewees. Dit is die rede hoekom dit heel agter gekom het, want die mense was al besig om te loop.

Die mense wat op die lykswa was - op die bakkie was saam met die kis, is dit jong mense? -- Nie net jong mense nie. Dit was ouerige mense ook saam met die jongerige mense op die bakkie.

Hoeveel mense was daar op die bakkie by die kis? -- Ses.

Wie is hulle? -- Ek ken hulle nie.

Is dit ook die skoliere van die skole wat die vorige aand by die nagwaak was? -- Dit was duidelik gewees dat van die persone daar skoliere was.

HOF : Het julle by die graf so iets gehad soos draers wat die kis van die bakkie na die graf dra? -- Nee, dit het ek nie gesien op watter manier dit gedoen was nie.

Word dit nie aangekondig by 'n begrafnis dat so en so en so sal die draers wees nie? -- Nee, gewoonlik nie.

MNR. JACOBS : As u nou sê u was agter - as ek u getuienis reg verstaan het dan was u eintlik agter in hierdie stoet gewees? -- Ek was by verskillende posisies gewees. Party-keer was ek heel voor gewees, dit wil sê in die groep voor. Ek het toe teruggeval na agter toe tot ek op die ou end heel laaste was.

En agter u was dan die lykswa? -- Ek het nie opgelet wat daarvan geword het nie.

Toe u agter gekom het aan die agterpunt van die stoet, toe was die lykswa nie meer daar nie? -- Ek het toe nie gesien wat daarvan geword het nie, want ek het dit nie spesifiek opgelet nie.

Maar dit was nie meer daar gewees nie. Dit was die

vraag/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vraag gewees? -- Waar?

K1185 Agter die stoet? Agter jou in die stoet? -- Dit kon miskien daar gewees het. Ek het nie opgelet nie. Ek weet nie wat daarvan geword het nie.

Wanneer het u nou gesien dat hy agter in die stoet was en dat hy mense oplaai daar agter? Waar was u toe? -- Ons was al weg vanaf die oorledene se huis terwyl ons besig was om verder weg te gaan.

Op daardie stadium was u voor in hierdie stoet gewees en dit was 'n redelike lang stoet gewees, is dit nie? -- Dit was 'n lang stoet gewees, maar ek was nie heel voor gewees nie, want ek was nog in staat gewees om te sien wat daar agter gebeur het.

Is dit so dat daar was 'n hele paar duisend mense in die stoet gewees? -- Die mense was baie, vreeslik baie.

En die motorvoertuie was net so vreeslik baie? -- Ja, dit is so.

En as u nou redelik voor in die stoet was, dan was daar vreeslik baie mense agter u en ook motors? -- Daar was wel baie mense sowel as voertuie agter my gewees, maar daar was wel ook voertuie en mense voor my.

So, u kon ook nie eers sien wat by die agterpunt van daardie optog gebeur nie? -- Ek kon glad nie sien wat heel agter gebeur het nie.

So, u kon ook glad nie sien dat daar 'n lykswa heel agter in die stoets is wat mense oplaai nie? -- Ek het gesien toe dit mense opgelaai het, want dit was by my gewees.

Ek dog dit was agter gewees, die mense wat agter was wat dit opgelaai het, soos jy netnou gesê het? -- Nee, maar dit is 'n voertuig. Dit was in staat gewees om verby te

kom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kom. Ek kan nie dieselfde pas hou met ŉ voertuig wat ry nie.

HOF : Het die lykswa dan van agter af by die stoet verby gekom tot waar u was? -- Die lykswa het by my verby gekom, maar waarheen dit is en wat daarvan geword het daarna, het ek nie gesien nie.

MNR. JACOBS : Maar die vraag was, het dit van agter af gekom en verby gegaan? -- Ja, dit het van agter af gekom en die persoon was haastig gewees, want hy was alreeds laat.

En hy het toe van agter af gekom en aan die kant van hierdie stoet het hy verby gery? -- Hy kon nie aan die kant verby gegaan het nie, want die mense was vreeslik baie.

Dit is wat ek nie verstaan nie. Hoe kan jy sê hy kom verby van agter af - hoe kan jy die een oomblik sê hy kom verby van agter af en die volgende oomblik sê jy hy kan nie verby kom nie, daar was vreeslik baie mense? Nou verstaan ek jou glad nie. -- Hy het nie op die kant verby gegaan om voor te kom nie, maar wat wel gebeur het is dat hy ook in die tou ingeval het van die voertuie wat alreeds in die stoet was. Ek kon sien dat hy wel haastig is om daar voor uit te kom, maar hy kon nie daarin slaag om by hierdie voertuie en mense verby te kom nie.

By wat het hy dan verby gekom toe hy van agter af gekom het en by jou verby gegaan het? -- Daarby bedoel ek die voertuie en die stoet het by my verby gegaan. Sy voertuig, die lykswa, wat ook in dieselfde tou was met daardie voertuig, het ook op ŉ stadium by my verby gery.

So, die lykswa was dan al die tyd in die stoet gewees die eerste keer toe jy hom gesien het? -- Ek het bewus geword van die teenwoordigheid van hierdie lykswa, maar op ŉ stadium het dit verdwyn. Wat daarvan geword het weet ek

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie.

HOF : Antwoord net die vraag. Luister mooi na die vraag en antwoord die vraag. Die lykswa was altyd in die stoet toe jy hom die eerste keer sien? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : So, dan moes hy ook van die huis af in die stoet gewees het? -- Nee, hy het nie saam met die stoet van die huis af weggetrek het.

En toe jy netnou vir die hof gesê het hy het agter in die stoet gery en mense daar opgelaai, was dit ook eintlik nie heeltemal reg nie? -- Dit was reg. Ek het gesien toe dit gebeur het. Ek was daar teenwoordig.

Nou-nou het jy vir die hof gesê daar was so baie mense tussen jou en agter, dat jy kon nie agter jou gesien het nie, maar dit kon jy sien? -- Ons het verwag dat hierdie lykswa daar sal kom. So, 'n ding wat verwag word om te kom, as dit daar kom, gebeur dit dat jy dit moet sien, want dit is 'n ding waarop alreeds gewag was.

En as die getuienis is van ander getuies dat hierdie lykswa het van 'n systraat af gekom en daar gestaan en gewag vir die mense om verby te gaan, wat sê jy daarvan? -- Dit is nie so nie.

Jy sien, ek het vir jou nou baie vrae oor die lykswa gevra, want die verdediging het met baie groot oortuiging dit gestel dat die lykswa blykbaar daar was van die begin af, maar dat dit nie gebruik was nie omdat die jong mense die lyk op die bakkie gelaai het as 'n metode om die landdros se verbod te vermy, te omseil dus? -- Nee, wat my betref, dit was nie die rede gewees nie. Die rede was omdat die lykswa laat was.

En ek wil dit ook aan u stel dit was nooit gesuggereer

deur/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

deur die verdediging dat die lykswa laat was nie? -- Ek sê dit was laat gewees. Ek was daar teenwoordig. Ek het gesien dat dit laat was.

Kan jy onthou dat mnr. Dennis Bloem op 'n stadium op die linkervoor modderskerm van hierdie lykswa gery het? -- Nee, dit het ek nie gesien nie.

Het u by die tweede begrafnis, by u buurman se seun se begrafnis gesien? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Wat sal jy sê van getuienis wat in hierdie hof aangebied was deur die verdediging wat gesê het dat hierdie lyk was nooit opgetel gewees op die bakkie nie, maar hy was vasgedruk op die bak eintlik sodat hy nie rondskuif nie, al die pad tot by die begraafplaas? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie, maar wat ek gesien het is dat mense normaal daar gesit het op die bakkie sonder dat hulle dit vasgedruk het. Miskien verstaan ek nie die gebruik van die woord dat dit dus teen die bakkie gedruk was nie.

Vasgehou was op die bakkie dat dit nie rondskuif nie terwyl die kis dan staan op die bakkie en nie opgetel was nie? -- Wat ek gesien het gebeur op daardie bakkie is dat hulle die kis opgetel het vanaf die bakwerk self en weer op 'n stadium neergesit het, dit wil sê teruggesit het op die bakwerk.

Hoeveel keer het dit gebeur? -- Ek het nie juis opgelet hoeveel keer dit plaasgevind het nie, want ek het nie juis daarop ag geslaan nie.

Want aan u getuienis het ek verstaan dit moes blykbaar verskeie kere gebeur het, want hulle het dit opgetel en as hulle moeg word het hulle dit neergesit en dan het hulle dit weer opgetel en as hulle moeg word dit weer neergesit.

Hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Hulle het dit opgetel vanaf die bakwerk en weer neergesit op verskeie geleenthede. Ek kan net nie tel hoeveel maal dat ek kan sê een, twee tot tien nie.

Hoe het hulle die kis met die lyk opgetel? -- Hulle het dit heelwat opgetel en bo in die lug gehou en dit weer neergesit. (Getuie dui aan hoe kis opgetel is) Met een hand onder die kis se sitvlak. Party is hierdie kant en party aan die ander kant en hulle hou dit hoog.

HOF : Soos u gehou het is dit bo u kop. Is dit bo u kop of bo u skouers? -- Dit was net bo die skouers gewees, want die mense het dit gedoen terwyl hulle self op die bakkie se bak gesit het, want hulle kon nie staan op die bewegende bakkie nie.

MNR. JACOBS : Het hulle dit laat rus op hulle skouers? -- Dit het vir my voorgekom of hulle dit op die skouers laat rus het, want na my mening sou dit vir hulle moeilik gewees het om dit sommer daar met die hande hoog in die lug te hou.

Ek wil nie nou weet wat is jou mening daaromtrent nie. Wat is die feite? Het jy gesien dat hulle lig dit bokant hulle koop soos jy nou ŉ paar keer in die hof demonstreer het of het hulle dit gesit op hulle skouers? Wat is die feite? -- Dat hulle dit op die skouers laat rus het.

As hulle nou die kis so opgetel het en op hulle skouers gesit het, wat het hulle geskreeu of gesê? -- Hulle het daar ŉ kerklied gesing.

Wat se lied? -- Senzeni na.

Van die huis van die oorledene af waar die stoet vertrek het tot by die kerkhof, al daardie pad het hulle al die tyd net Senzeni na gesing? -- Nie die hele tyd nie. Op ŉ stadium het hulle opgehou en toe begin om Nkosi Sikilele e Afrika



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

te sing.

Is dit nie ook so dat hulle het gesing van Mandela en Tambo en van Soldiers in the Bush nie? -- Ek het dit nie gehoor daar gesing word nie. Ek het net gehoor dat hulle hierdie twee wat ek ken gesing het.

Die ander wat hulle gesing het, het jy nie geken nie? -- Daar was geen liedere wat daar gesing was nie, behalwe hierdie twee.

Het hulle nie daar slagspreuke geskreeu soos "Mayibuye e Afrika" nie? -- Nee, dit het nie gebeur nie.

Ek wil dit aan u stel dit het gebeur en ook die slagspreuk "Amandla Ngawethu"? -- Ek het dit nie gehoor nie.

Soos julle beweeg het met hierdie stoet, het jy op enige stadium die polisie in systrate gesien of in ander strate parallel met hierdie een wat julle gevolg het? -- Ja, hulle het in 'n straat beweeg wat parallel was met die een wat ons gebruik het.

HOF : Het hulle parallel met die stoet beweeg? -- Ja, dieselfde rigting as die stoet.

MNR. JACOBS : En as die mense die polisievoertuie gesien het en die polisie het hulle geskel en geskreeu daar op die polisie? -- Ek het dit nie gesien nie.

Het hulle niks gereageer as hulle die polisie sien nie? Was hulle nie kwaad vir die polisie wat hierdie man wat nou begrawe is dood geskiet het nie? -- Dit het ek nie ogpelet nie.

So, daar kon reaksie gewees het wat jy nie opgelet het nie? -- Ja, dit kan gebeur, want daar was vreeslik baie mense gewees daar, maar ek het dit nie gesien nie.

By die kerkhof aangekom, was die polisievoertuie wat



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

u gesien het daar reeds in die kerkhofperseel gewees? -- Nee, dit het ek nie opgelet nie, maar eers na ons op die perseel van die begraafplaas gekom het, het ek bewus geword van die polisievoertuie se teenwoordigheid.

Waar was die polisievoertuie toe u op die perseel kom en daarvan bewus word? -- Drie van die voertuie was op die perseel gewees van die begraafplaas.

Hoe ver van die graf af het hulle gestaan op die perseel? -- Dit was 'n entjie ver, maar nog steeds op die begraafplaas se perseel in die nabyheid van die hek.

So, toe u daar aankom toe sien u daardie voertuie alreeds staan op die perseel? -- Nee, eers na ek verby was, terwyl ek reeds op die perseel was het ek toe bewus geword van die voertuie, nie met my aankoms daar nie.

Was jy toe op pad na die graf toe gewees? -- Ja, op pad na die graf toe.

So, as daardie voertuie daar gestaan het dan moes hulle daar op die perseel gekom het nog voordat jy in die perseel ingegaan het? -- Nee, die voertuie het nie vroeg daar gekom nie, want toe ek inkom daar het ek nie die voertuie gesien nie. Dit is eers na ek binne was dat ek agtertoe gekyk het dat ek die voertuie gesien het daar staan.

Jy sien, net een aspek, op die getuienis van beskuldigde nr. 20 in hierdie hof, het hierdie mense agter op die bakkie gestaan met die kis op pad na die begraafplaas. Wat sê u daarvan? -- Dit het ek nie gesien nie. Ek getuig oor dit wat ek gesien het.

Ek sal vir jou lees wat hy gesê het in volume 286 bladsy 15 742. Dit is heel onder. Hy sê omtrent die bakkie "It does not have a canopy behind. It is just an open one.

There/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

There were people standing on the van behind the van and they were carrying, they were holding the coffin by standing on the van. So, they were not walking on the ground, but they were standing on the van holding it." Wat sê u daarvan? -- Ek kan nie daaromtrent getuig nie. Ek getuig oor wat ek gesien het. So iets soos beskryf deur u, het ek nie gesien nie.

Dit het nooit gebeur nie? -- Met ander woorde, dit het nie gebeur nie, anders sou ek dit gesien het.

Stem jy saam, so iets het nooit gebeur nie? -- Nee, dit was nooit opgetel deur persone wat op die bakkie gestaan het nie.

Ek wil nou net verder gaan. U sê toe u omgekyk het het u die polisie gesien. Toe het u nog geloop na die graf toe. Dit is nog voor die predikant begin praat het of enigiets toe die polisie reeds op die perseel was? -- Nee, die predikant het alreeds begin praat. Ek is die persoon wat agter was en wat laat gekom het om by die graf te wees. Die predikant het alreeds begin praat. Met my aankoms daar kon ek hoor dat hy net begin het om te praat. Dit was nie lank dat hy begin het om te praat toe dit gebeur het nie.

Was u toe al by die graf gewees? -- Dit is toe ek nou naby die graf was.

Het u alreeds gestaan? -- Nee, ek was nog besig om nader te beweeg, maar nie meer ver van die graf af nie.

Is dit reg dat beide by die huis voor die begrafnis en by die graf het beskuldigde nr. 20 gepraat? En dit is beskuldigde nr. 20, mnr. Lekota? -- Is dit by die eerste begrafnis waarvan ons nou praat?

Ja, ons is altyd nog by die eerste begrafnis? -- Ja,

hy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hy het gepraat.

Ons het die getuienis van beskuldigde nr. 20 wat gesê het dat hy was na hierdie begrafnis genooi omdat dit ŉ gulde geleentheid was om die UDF te populariseer en vir die mense dan te vertel van die UDF en blykbaar het hy toe hierdie uitnodiging aanvaar juis met hierdie doel en is dit nie so dat hy het toe ook oor UDF gepraat op hierdie begrafnis nie, by die twee geleenthede, eers by die huis en toe by die graf? -- Ek het hom nie gehoor van UDF praat nie.

Kan u alles onthou wat hy gesê het? -- Ek onthou van wat hy gesê het. Hy het van ŉ papier gelees. Dit is die papier met die instruksies met die verloop van hierdie begrafnis en hy het meer aandag geskenk aan die tyd. Hy het dus nie van UDF daar gepraat nie, want dit was by die begrafnis gewees.

So, by hierdie begrafnis, hetsy by die huis of hetsy by die graf het hy oor niks anders gepraat as die tyd en die voorwaardes op daardie dokument van die landdros nie? -- Hy het iets daar by gesê waarin hy gesê het is dat hy gehoor het dat daar probleme was in Kroonstad in die verlede weke en toe gesê dat dit nie die regte manier is om probleme op te los nie. Mense moet bymekaar gaan sit om ŉ tafel en die verskille wat die probleme veroorsaak daar bespreek, dat hulle mekaar verstaan oor wat se oplossings toegepas kan word. En toe verder gesê die beskadiging van die winkels is nie ŉ manier van regstelling nie.

Is dit nie so nie, hy het gepraat oor die onluste van 11 Februarie 1985 ook? -- Hy het nie daarvan gepraat nie. Hy het net verwys na wat gebeur het en toe dus ŉ voorstel gemaak.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het dit nie gegaan daaroor dat hy gepraat het daarvan dat privaat mense se eiendom was in die onluste op die 11de verbrand en beskadig nie? -- Hy het nie veel daaromtrent gesê nie, want dit is dinge wat ons self gesien het toe dit gebeur het.

Antwoord nou maar net my vraag. Hy het verwys na die privaat mense se eiendomme wat beskadig is op 11 Februarie? -- Hy het nie daarvan gepraat nie.

Het hy nie verwys na hierdie winkels wat daar so beskadig was nie?--Ek kan nie meer so goed onthou waaroor hy alles gehandel het in sy toespraak nie, maar wat ek wel kan onthou is dat hy iets gesê het in hierdie verband dat as daar iets verkeerd geloop het, moet ons as mense bymekaar gaan sit en daardie ding regstel in die manier van besprekings.

Dit was met verwysing na die winkels wat beskadig was op 11 Februarie? -- hy was besig om te verduidelik dat wat plaasgevind het is nie ŉ goeie ding nie.

En hy het verduidelik dit is nie ŉ goeie ding om die privaat mense se goed te beskadig nie? En dat dit nie die UDF en sy goedkeuring wegdra dat ander mense, privaat mense se goed beskadig word nie? -- Ek het nie gehoor dat hy iets oor die UDF gesê het nie.

Het hy dan gesê dit dra nie hulle goedkeuring weg nie dat privaat mense se eiendom beskadig word? -- Nee, hy het nie gesê dat dit nie hulle goedkeuring wegdra nie. Hy het gesê dit is nie ŉ goeie ding dat mense, gewone mense se eiendom beskadig moet word nie.

En dit is teenwerkend vir die vryheidstryd teen die regering en apartheid? -- Nee, hy het nie daarvan gepraat nie.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En dat die vyand van die mense is nie die gewone mense daar nie, maar die vyand is die raadslede en die polisiebeamptes en die regering? -- Nee, hy het nie daarvan gepraat nie.

Het hy nie daar gesê die mense moet ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : Whose evidence is the prosecutor putting to this witness? There is no evidence given by any state witness as to what Mr Lekota said at this funeral. Is the prosecutor allowed to put to the witness things about which there is not a tittle of evidence in the state case?

COURT : Is the prosecutor putting something or is the prosecutor questioning the witness on what was said?

MR BIZOS : No, he actually put it. He said "Het hy nie toe gesê." That is putting. And even if it is being asked, it is about time, with the greatest respect, that the prosecutor remembered that he has an indictment and that he has given further particulars and he has led evidence and that he should confine himself to those issues on which he has pleaded and the issues upon which he has led evidence.

COURT : Did you lead evidence on what was said at this funeral?

MR BIZOS : Yes.

COURT : And if you did, why can he not cross-examine on it?

MR BIZOS : He can cross-examine in order to test the witness's ... (Court intervenes)

COURT : Can he not negative what you have put and attempt to get another version from the witness? And is that not what he is doing?

MR BIZOS : No, if your lordship would hear me. He is

entitled/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

entitled to test the witness's credibility on what the witness has said. He is entitled to enquire even to try and drag something out of the witness which might support his case. We all know that, but he is not entitled to put a positive assertion that an act was committed by an accused person which was not pleaded and in respect of which there is no state evidence and in respect of which there is no other evidence and that is the distinction that I am drawing.

COURT : Well, it is a question of degree as to whether he puts something positive or whether he is fishing or whether he is attempting to get a slightly different version from the witness. Where to draw the line is very difficult.

MR BIZOS : I accept that.

COURT : And you must remember that you placed this witness's evidence before the court and not the prosecutor.

MR BIZOS : No, with the greatest respect. I am entitled to say, once the general allegation is made, I am entitled to lead specific evidence ...(Court intervenes)

COURT : It is now twice that you attempted to lead evidence on what was said at this funeral, whereas we had no evidence from the state side as to what was led at the funeral. The prosecutor is at liberty to cross-examine on that and attempts to place a different version of point of view on it. That is what he is doing as I see it.

MR BIZOS : No, he is putting specifically that Mr Lekota said that councillors' houses must be burnt and policemen's houses must be burnt. That is what was put. I am not unmindful of the prosecutor who has not had any evidence on a particular issue trying to fish something out of defence witnesses. It is a permissible exercise, but he is not

(Court/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

... (Court intervenes)

COURT : I thought that that is exactly what he is busy with.

MR BIZOS : He is not. He is putting specific allegations to the witness in respect of which there is no evidence whatsoever.

MNR. JACOBS : Met alle respek, ek dink ek is geregtig, ek het die vrae gevra - ek dink die vraag waarteen beswaar gemaak is, het ek vir die getuie gevra het beskuldigde nr. 20 nie gesê dat die raadslede en die polisiemanne is die vyand nie, waarop sy geantwoord het en toe die beswaar. Dit is die vraag wat ek gevra het en ek dink ek is geregtig op twee basisse om die vraag te vra. Op die basis van die getuienis wat hier aangebied was deur die verdediging dat daar meer gesê is, want die getuie sê self in haar getuienis-in-hoof hy het meer gesê, maar sy kan nie alles onthou nie en op ŉ tweede basis dat daar kan gekry word dat sy sterker sal uitkom met wat die gesindheid was wat daar geopenbaar was en sterker die staat se saak kan versterk op sekere antwoorde wat sy gee. Ek dink ek is ten volle geregtig om die vrae te vra. Ek het nie vir haar gestel, dit is die posisie, ek stel aan jou so en so nie. Ek het vir haar ŉ vraag gevra op daardie aspekte.

HOF : Die vraag word toegelaat.

MNR. JACOBS : Is dit nie so nie, het mnr. Lekota nie op hierdie vergadering gesê dat of ŉ onderskeid gemaak tussen die vergadering - nie vergadering nie, op hierdie begrafnis op altwee geleenthede onderskeid gemaak tussen die gewone mense wat skade gely het as gevolg van die 11de se onluste nie en raadslede en polisie wat skade gely het in die onluste? -- Nee, dit het hy nie gesê nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

U het netnou op 'n vraag gesê hy het gesê die gewone mense se goed moenie beskadig word nie? -- Hy het nie gesê van die gewone mense nie, want as hy sê van die gewone mense, dan bedoel hy dat daar sekere persone is wat uitsondering was wie se eiendomme beskadig kan word. Hy het gesê daar moenie skade aangerig word aan 'n medemens se eiendom nie.

Ek stel dit aan u, u het netnou verwys na gewone mense se goed moet nie beskadig word nie en ek wou daarom ook graag van u geweet het wat bedoel met gewone mense? -- Ek het nie so gesê nie.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K1186 FINTA ELIZABETH MAGCUNTSU, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mevrou, verstaan ek u getuienis dan vandag korrek dat vandag sou beskuldigde nr. 20, hetsy by die huis van Matches of hetsy by die graf waar hy begrawe is, glad nie verwys het na skade wat berokken is aan mense se winkels nie? -- Hy het daarvan gepraat, naamlik wat in Kroonstad plaasgevind het.

En die winkels wat daarso beskadig is? -- Ja, daaroor ook gehandel.

En het hy daar ook gesê ten opsigte van die winkels wat beskadig is, dit is al wat hy in sy toespraak gemeld het? -- Hy het wat gebeur het daar aangehaal.

Dit is baie wyd en baie vaag as u nou sê hy het wat gebeur het daar aangehaal. As hy van iets anders gepraat het as die winkel, sê vir ons? -- Hy het niks anders gesê nie.

En toe het hy gesê daarop nadat hy verwys het na die winkels wat beskadig is, dat die mense, die eienaars van die winkels en die ander mense moet saam praat? -- Nee, hy het nie so gesê nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het hy nie gesê die mense moet saam praat nie? Saam besprekings voer nie? -- Ek het nie gehoor dat hy dit gesê het nie.

Het hy nie gesê mense moet om 'n tafel ontmoet en besprekings voer nie? -- Hy het gesê dat as mense dinge regstel, dan moet hulle om die tafel gaan sit en praat. Hy het nie bedoel dat onmiddellik na daardie begrafnis sal die mense bymekaar moet kom en by 'n tafel gaan sit en die dinge regstel nie.

Hoe het hy gesê watter mense moet bymekaar kom om 'n tafel en dinge regstel? -- Nee, hy het nie spesifiek gesê wie die mense is na wie hy verwys nie. Hy het net gesê mense.

En wat het hy gesê wat se dinge moet reggestel word? -- Ek aanvaar dat as gevolg van wat gebeur het in Kroonstad het hy na verwys dat daar miskien iets was wat hierdie kinders wou gehad het. Dit was nie duidelik gemaak nie, maar dit was my eie siening van wat hy gesê het.

Na watter kinders verwys u nou wat iets wou gehad het? -- Dit is die kinders wat geskreeu het dat hulle SRC wil hê, wat ek nie eers weet wat dit is nie.

En is dit die kinders wat dan ook die plekke aan die brand gesteek het of beskadig het? -- Ek kan nie daaroor getuig nie. Ek was nie saam met hulle nie.

U sê dat beskuldigde nr. 20 het nooit enigsins verwys na UDF toe nie? -- Ek sê so.

Het hy glad nie verwys nie? Laat ek dit net duidelik verstaan? -- Ek het hom nie daaroor gehoor praat nie.

Jy sien, mnr. Dennis Bloem het hier getuig voor die hof dat hy het wel verwys na UDF? -- Ek getuig oor wat ek gehoor het. Ek sal nie kan getuig oor wat 'n ander persoon gesê

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het nie.

Maar julle is op dieselfde begrafnis. Julle moes tog dieselfde goed gehoor het en dan moes jy tog gehoor het as dit so is dat beskuldigde nr. 20 oor UDF gepraat het daar? -- Ek getuig oor wat ek gehoor het. Ek sal nie kan getuig oor wat iemand anders gehoor het nie.

Kon u beskuldigde nr. 20 goed hoor vanwaar u gestaan het by die graf? -- Ek kon hoor vanwaar ek was, maar ek het nie altyd aandag gegee aan wat hy gesê het nie. U moet onthou ek is een van die mense wat ŉ lid was van die familie waar die dood plaasgevind het. So, met ander woorde, daar was ŉ stadium wat ek nie veel ag geslaan het op wat hy sê nie.

Het hy naby jou gepraat? Naby die graf? -- Ek kon sien waar hy staan terwyl hy praat.

Albei van julle was naby die graf? -- Ja.

En as hy van UDF gepraat het dan sou jy dit gehoor het? -- Dit was nie vir my belangrik gewees om daarna te luister nie, want ek het net geluister na dit wat ek verstaan het daar gesê word.

Maar as hy gepraat het sou u dit verstaan het? -- Ek het hom nie gehoor daarvan praat nie.

Ten minste om te kan besluit wat is nou vir u belangrik en wat is nie, moes u tog gehoor het nou gaan hy oor UDF praat - hy praat nou oor UDF en dit is nie meer vir u belangrik nie en daarom het u nie geluister nie? -- Dit was by ŉ grafnis gewees. Dinge wat daar gesê was, was dinge wat akkoord gaan met ŉ begrafnis.

Laat ek net meer duidelikheid kry. Toe u by die huis gekom het, die Matches se huis, was beskuldigde nr. 20

reeds/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

reeds besig om te praat as ek u getuienis reg verstaan het? -- Ek verstaan nie? hoe?

Toe u arriveer het by die huis van Matches, die oggend voordat julle beweeg het daarvanaf na die graf toe, toe was hy besig om te praat en hy het die papier in sy hand gehad met die landdros se voorskrifte? -- Dit is nie die waarheid nie.

Op watter stadium het u daar gekom? -- Met my aankoms daar was die predikant besig om te praat.

En het beskuldigde nr. 20 direk na die predikant gepraat? -- Ja, direk na die predikant was hy die volgende wat gepraat het.

En na beskuldigde nr. 20 klaar gepraat het het daar niemand anders gepraat nie, want hy het nog gesê julle moet gou maak, die tyd is kort? -- Hy het so gesê, ja, maar na hy dit gesê het, het mnr. Bloem wat die voorsitter was ook toe gesê "Kom dat ons nou dadelik uitgaan en loop."

Het mnr. Bloem nie ook gepraat oor die voorwaardes van die landdros nie? -- Nee, hy het nie daarvan gepraat nie. Een persoon het dit gelees. Ons het dit verstaan.

U het dit nie vir ons in getuienis-in-hoof vertel nie. U het net vir ons vertel van beskuldigde nr. 20 en die predikant wat daar gepraat het. Wat het nou skielik gemaak dat jy dit oor die naweek onthou het? -- Ek weet nie. Ek verstaan nie wat u daarby bedoel wat gebeur het oor die naweek nie. Waar?

Dat jy nou skielik onthou, want Vrydag het jy nie vir ons dit vertel in jou getuienis-in-hoof nie? -- Dit is omdat ek hom nie aanvaar het as ŉ spreker daar nie. Kyk, ŉ voorsitter sal altyd opmerkings maak. Daar is wel mense wat

beskou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

beskou kan word as sprekers.

En jy het dieselfde vertel Vrydag by die kerkhof dat die predikant het gepraat, direk na hom het beskuldigde nr. 20 gepraat en niemand anders nie en hy het nog gesê die mense moet nou uiteen gaan, die tyd is verstreke? -- Hy het iets gesê voor hy gesê het dat ons nou uiteen moet gaan. Dit is naamlik dat hy gesê het ons moet nie mekaar se eiendomme beskadig nie.

Behalwe dit het niemand anders daar gepraat nie? -- Behalwe mnr. Bloem wat gesê het "laat ons sommer sou dadelik gaan."

Wie het dit gesê? Beskuldigde nr. 20 of mnr. Bloem? -- Dit is Bloem wat dit gesê het.

Want jy sien, jy het dit anders gestel in jou getuienis-in-hoof. Jy het gesê dit is beskuldigde nr. 20 wat dit gesê het en julle moet uitmekaar gaan en na hom het niemand gepraat nie? -- Ek het alreeds gesê dat 'n voorsitter het nie veel te sê nie en al het die voorsitter iets gesê, die voorsitter word eintlik nie beskou as 'n spreker nie.

Dit is skielik snaaks dat jy vandag onthou dat mnr. Bloem ook iets gesê het, maar Vrydag nie. Kan jy vir die hof 'n verduideliking gee? -- 'n Persoon wat sê "Gaan julle sommer nou dadelik uit, laat ons loop" of "laat ons sommer nou loop" beskou ek nie as 'n persoon wat 'n toespraak maak of praat nie, want hy praat net, hy maak opmerkings op dit wat gesê is.

Het jy nie my vraag gehoor of verstaan nie? -- Herhaal die vraag? Ek het nie die vraag verstaan nie?

My vraag is Vrydag het jy dit nie onthou dat Bloem iets gesê het nie, maar skielik vandag onthou jy dit? Kan jy

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit verklaar? -- Ek het alreeds gesê dat ek beskou nie 'n voorsitter as 'n spreker nie. Dit wat 'n voorsitter aan my sê is nie 'n toespraak nie. Ek praat van 'n persoon wat langer praat as 'n persoon wat iets te sê gehad het.

Het mnr. Bloem enigiets meer gesê as om net te sê "Julle moet nou uitmekaar uit gaan"? -- -- Hy het niks gesê nie.

Het hy nie gepraat oor UDF nie? -- Ek het alreeds gesê hy het nie van UDF gepraat nie, want daar was dit 'n begrafnis gewees en ek het niemand gehoor praat van UDF nie.

En gepraat enigsins oor hierdie onluste wat daar plaasgevind het in Februarie 1985? Dit is nou Bloem? -- Ek het hom nie gehoor praat nie.

Het mnr. Bloem Afrikaans gepraat op daardie begrafnis? -- Ja, hy het Afrikaans gepraat.

En julle het hom verstaan? Julle verstaan Afrikaans in Kroonstad? -- Ja, ons het hom verstaan. Hy verstaan ook as ons praat, al kan hy nie in ons taal antwoord nie, maar hy verstaan wat ons sê.

So, hy verstaan julle taal goed? -- Nie goed nie, maar hy verstaan dit.

Jy sien, mnr. Bloem het getuig hier by die hof hy het presies dieselfde gesê as wat beskuldigde nr. 20 gesê het, ook van UDF? -- Ek het alreeds vir die hof gesê dat ek getuig van wat ek gehoor het daar en nie wat ander persone getuig het nie.

Kan u onthou of mnr. Bloem of beskuldigde nr. 20 verwys het na die polisie? Dit is by daardie geleentheid by die graf? -- Met mekaar gepraat of wat bedoel u?

Nee, het enigeen, òf mnr. Bloem òf mnr. Lekota verwys

na/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

na die polisie by die graf? -- Ek het hulle nie gehoor van die polisie praat nie.

Want u sien, hierdie toespraak wat mnr. Bloem sê wat hy presies herhaal het van mnr. Lekota het hy ook herhaal daarso wat mnr. Lekota gesê het omtrent die polisie daar? -- Ek het alreeds verskeie kere vir die hof gesê ek nie kan getuig oor wat 'n ander persoon vir die hof gesê het nie, maar wel kan getuig van wat ek sê.

U edele, die verwysing van mnr. Bloem se getuienis is in volume 352 op bladsy 20 157. U sien, mnr. Bloem kom met iets heel besonders te voorskyn in sy getuienis. Hy sê terwyl hy besig was om te praat na die predikant, na beskuldigde nr. 20 en terwyl hy so praat het hy gesien toe kom die polisie se voertuie eers daar by die hek in? -- Dit is miskien wat hy gesê het soos 'n spreker, maar ek kan nie onthou dat hy dit gesê het nie.

Nee, hy sê nie dit is wat hy gesê het nie. Hy sê dit is wat gebeur het? Laat ek dit weer aan u stel. Die eerste keer toe die polisie op daardie begraafplaas se perseel gekom het en ingekom het by die hek was terwyl hy gepraat nadat die predikant gepraat het en nadat beskuldigde nr. 20 gepraat het? -- Dit is nie hoe ek dit gesien het nie.

En dat hy op daardie stadium, toe hy dit sien, het hy vir die mense gesê hulle moet solank uitgaan? -- Dit was alreeds gesê omdat hulle bekommerd was oor die tyd en dat die tyd beperk was en 'n kort tydjie is.

U edele, dit verskyn op dieselfde bladsy 20 157. U sê vir die hof in u getuienis-in-hoof daar was van die laaste mense wat die graf verlaat het om uit te gaan. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was daar baie mense nog saam met u toe u daar na die hek toe beweeg het om uit te gaan? -- Omtrent ses mense, want die meeste van die mense het alreeds die perseel verlaat.

Hoeveel het by die graf agter gebly? Niemand nie? -- Die mense wat besig was om die graf toe te gooi, het agter gebly.

Op die versoek van, soos u nou sê, beskuldigde nr. 20 en mnr. Bloem dat u die graf moet verlaat, het u omgedraai en geloop? -- Ek is weg, ja.

Het u dadelik omgedraai en geloop? -- Ja.

Saam met die ander mense? -- Nee, ek was by die graf. So, die mense wat ver van die graf was het alreeds omgedraai en weggestap.

Is dit nie so nie dat rondom die graf was baie mense gewees nie, want daar was ŉ groot klomp mense? -- Ek verstaan dit nie.

Wat is so moeilik daaraan om dit te vertaan? Rondom die graf moes duisende mense gestaan het? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie.

Nou goed, rondom daardie graf moes tog duisende mense gestaan het? -- Daar was wel baie mense teenwoordig gewees by hierdie begrafnis.

En hulle het rondom die graf gestaan? -- Dit is so, ja.

En daar was mense verder weg van die hek af as u op die stadium toe versoek is julle moet nou die graf verlaat? -- Daar was wel mense ŉ bietjie verder as ek en ook nader.

En as u nou omgedraai het en saam met hierdie mense na die hek toe geloop het, dan moes daar agter u tog nog baie mense gewees het? -- Nee, dit is nie so nie. Ek was op my gemak gewees soos ŉ familielid. Ek was nie haastig gewees

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie.

Toe u by die hek kom, waar was die ander mense gewees? -- Van die mense was al weg met voertuie. Van hulle was besig om in die voertuie in te klim. Daar was van die mense wat besig was om in verskillende rigtings te stap. Dit wil sê besig om uiteen te gaan vanaf die begrafnis. Die meeste mense was al uit en weg, want dit was eintlik klaar gewees met die begrafnis.

Is dit nie so nie dat daar was nog baie mense gewees in die kerkhofperseel? -- Dit is nie so nie.

Is dit nie so dat die polisie was buitekant die kerkhof-perseel geparkeer nie en hulle het twee keer nader gery en met ꞌn luidspreker vir julle gesê eers dat die tyd is om en julle kry tien minute om klaar te maak? -- Nee, dit het nie gebeur nie.

En dat hulle ꞌn tweede keer teruggekom het en vir julle gesê het hulle gee julle nog net vyf minute om klaar te maak? -- Nee, dit het nie gebeur nie.

En die getuienis is ook dat toe die polisie geskiet het was die naaste mense wat by die begrafnis was behalwe dié wat die graf toegegooi het al honderd-en-vyftig treë weg van die hek af van hierdie begraafplaas. Wat sê u hiervan? -- Ek was heel agter gewees. Dit was na ek die perseel verlaat het.

So, dit kon ook nie die waarheid gewees het nie, want daar by die hek van die perseel was nog mense wat rondgestaan het wat nog in karre wou klim? -- Daar was nie baie mense gewees nie. Dit was omtrent ses. Hulle was nie soveel dat ek nie kon sien wat daar tussen hulle gebeur het nie.

Maar daar het nog baie mense rond gestaan wat in karre

wou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wou klim? -- Die meeste mense was al weg.

Is dit jou antwoord op my vraag? -- Dit is my antwoord. Die mense was alreeds weg.

So, as jou antwoord dan reg is, stem jy saam, as die meeste mense weg is dan was daar nog baie mense wat agter gebly het? -- Die mense was baie gewees. Die meeste van die baie mense wat daar teenwoordig was, was al weg. Daar was wel nog baie mense wat ook nie so baie was nie, wat nog besig was om in die voertuie te klim.

En daar was by die graf seker nog twee-, driehonderd mense ook nog gewees wat nie geluister het na die polisie se bevel nie? -- Daar is nie so iets nie.

Het jy gekyk? -- Ek het alreeds gesê dat ek die persoon was wat daar besig was om uit te gaan. So, daar kon nie meer mense gewees het daar nie.

Dan wil ek net jou getuienis reg verstaan. Jy het nie dan dadelik omgedraai toe beskuldigde nr. 20 en mnr. Bloem gesê het julle moet uitgaan nie? Jy het nog 'n tyd gestaan daar? -- Al kan dit wees dat ek onmiddellik omgedraai het met die oog daarop om weg te kom, kan ek nie maklik wegkom tussen daardie klomp mense en sommer daar deurdruk om weg te kom nie. Mense moet maklik daar uitkom en op gemak die plek verlaat.

Hoekom antwoord jy my nie nou nie? Het jy gewag vir die mense om weg te gaan of het u saam met die mense weg beweeg? -- Ek het nie gewag nie, maar ons was so baie gewees dat ons nie gelyktydig onmiddellik kon begin wegstap het nie.

Antwoord dan my vraag nou. Het u dadelik omgedraai en weggeloop of nie? -- Ek het omgedraai met die oog daarop om weg te loop, maar weens die feit dat daar baie mense

voor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

voor my was, kon ek nie onmiddellik begin wegstap nie.

Het jy stadig beweeg saam met die mense soos hulle weggaan? -- Ek het vinnig daar weg beweeg.

En het u ook agter hulle aan geloop? -- Ja.

En saam met hulle by die hek gekom? -- Nee, ek kan nie saam met hulle by die hek uitkom nie.

By die oorledene se huis na die begrafnis, was daar baie mense weer daar gewees? -- Ja, hulle was baie.

Net toe julle by die graf weggegaan het, is beskuldigde nr. 20 en Bloem ook dieselfde tyd daar weg? -- Op die stadium wat ek weg is, was hulle ook van plan om weg te kom. Hulle was nog steeds besig om die graf toe te gooi. Ek het nie te veel ag daarop geslaan om te sien wat toe gebeur het nie.

Het hulle UDF T-hempies aangehad? -- Hulle het skipperhemde aangehad waarop mense geteken was. Ek weet nie waarvoor dit was nie.

Was daarop geskryf? -- Ek het nie so goed gekyk na die goed nie.

By die huis toe die mense daar in die baie toue gewag het vir die kos en so aan, het hulle in die strate ook gestaan? -- Ja, daar was van hulle wat in die straat gestaan het.

Baie? -- Ja, hulle was baie. Hulle kon dit nie almal reggekry het om in die jaart in te kom nie.

Het hulle gesing? -- Hulle het nie gesing nie.

Jy onthou mos dat daar was nou 'n bevel van die landdros gewees dat na die begrafnis moet die mense huis toe en uiteen gaan en dat daar nie enige byeenkoms hoegenaamd moet wees nie. Hoekom het julle nie vir die mense gesê hulle moet

weggaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

weggaan daarso nie want die bevel is daar moet nie mense byeen kom nie? -- Daar was alreeds mense gewees wat weg was, maar volgens die swartmense se gewoonte, moet ons na die oorledene se huis toe gaan waar ons hande moet gaan was en kos geskenk word.

Dit nieteenstaande enige bevel tot die teendeel? -- Van die mense het wel weggegaan en daar was van die mense wat tot by die oorledene se huis gekom het.

En nieteenstaande die bevel het hulle nog daar versamel? -- Ek het nie dit gehoor dat daar gesê was dat die mense nie by die oorledene se huis hande moet gaan was nie.

Kyk, jy het netnou erken en onthou dat daar 'n bevel was dat na die begrafnis moet die mense uiteen gaan en hulle moet nie versamel op enige plek hoegenaamd nie. Dit het jy tog netnou gesê? -- Daar was nie mense gewees wat daar bymekaar gekom het nie.

Was daar nie baie mense wat in die perseel gestaan het en in die straat by die huis, groot klompe soos jy nou gesê het nie? -- Die mense wat daar was is mense wat besig was om hande te was, met die voorbereiding om met die kos geskenk te word dat hulle kan eet. Dit was nie net mense wat daar gestaan het sonder enige doel wat hulle daar voor was nie.

Die Matches jongman wat dood is, was hy nog in die skool? -- Ja,

In watter skool was hy? -- Ek het nie uitgevra van die skool waar hy was nie, maar as ek reg is, was hy in Bodibeng.

Jy het nie uitgevra nie. Dit is dan 'n familielid. Weet jy nie waar is die familielede se kinders in die skool nie? -- Al kan dit 'n familielid van my wees, ek sal nie onnodige

klein/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

klein dingetjies begin vra wat my niks sal help nie.

Is dit nie so dat hy daar aan ŉ organisasie behoort het by die skool nie? -- Dit weet ek nie, want ek loop nie met die skoolkinders nie. Wat daar tussen hulle gebeur weet ek nie van nie.

Toe beskuldigde nr. 20 - beide beskuldigde nr. 20 en Bloem daar by die huis vooraf gesê het dat daar na die begrafnis geen byeenkoms moes wees nie, het julle nie daar bespreek nou wat van al die kos nie? -- Daar was nie ŉ byeenkoms daar nie. By elke begrafnis gaan die mense terug na die oorledene se huis toe om hande te was en dat hulle kos geskenk moet word. Na hulle geëet het eers sal hulle uiteen gaan.

Maar dit is tog daar gelees en bespreek sekerlik dat voordat die begrafnis begin het toe die reëls daar uitgelees was dat die landdros het ŉ bevel gemaak dat na die begrafnis kan die mense nie bymekaar kom nie, dan moes julle dit tog seker bespreek het daar? -- Ek het alreeds hier gesê dit was nie ŉ vergadering gewees daar nie, ook nie ŉ byeenkoms nie. Die doel van die mense om terug te keer na die oorledene se huis toe was om hande te was en die kos te eet.

Is dit nie so dat julle dit bespreek het en besluit het julle gaan nie die landdros se bevel gehoorsaam nie, dit maak nie aan julle saak nie, julle gaan dit ignoreer? -- Nee, daar bestaan nie so iets nie.

Die Pappie Makhoko, die buurman van julle se seun, in watter skool is hy of is hy nie meer in ŉ skool nie? -- Hy was nog ŉ skolier gewees.

In watter skool? -- Ek het nie veel daarvan geweet nie en ek het dit eintlik nie opgevolg om te weet nie.

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dit is jou buurmense en jy weet nie in watter skool is hulle kinders nie? -- Dit is nie 'n ding waarop ek eers ag slaan om op te volg sodat ek kan weet in watter skool my bure se kinders is nie.

Kan jy nie sê of hulle in die Bodibeng Skool was nie? -- Ek weet nie in watter skool hulle was nie.

Of dieselfde skool as jou kinders nie? -- Dit weet ek nie, maar indien hy skool gegaan het saam met my kinders, sou ek seker gehoor het van my kinders af as hulle daarvan gepraat het.

HOF : Was hy in die hoërskool? -- Phomolong Higher.

Was hy in Phomolong Higher? -- My kinders was in Phomolong Higher.

Ja, ek vra of hy, Pappie Makhoko, in die hoërskool was? -- Ek weet nie in watter skool hy was nie.

Was hy al 'n hoërskoolkind? -- Volgens my skatting van hom, was hy 'n kind van 'n hoër primêre skool, nie 'n hoërskool nie.

Hoe oud was hy? -- Ek weet nie wat sy ouderdom was nie.

Volgens u skatting? -- 13 of 14 daar rond.

MNR. JACOBS : Voor sy begrafnis, was daar 'n nagwaak gewees? -- Ja, daar was.

Het jy dit bygewoon? -- Ja, ek het.

Het mnr. Bloem dit bygewoon? -- Ek het hom nie gesien nie.

Hier was u seker nou nie so vreeslik besig soos met die ander een nie, nè? -- Ja, dit is so.

So, hier kan jy nou seker vir die hof sê of daar toesprake gelewer was op hierdie nagwaak? -- Daar was 'n gesingery aan die gang gewees. Dit was ouerige mense gewees.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was daar toesprake gelewer? -- Ek het nie so goed geluister daarna of daar enige toesprake gemaak was nie.

Ag, was daar toesprake gelewer of nie? Hoekom wil u nie vir die hof sê nie? -- Daar was geen toesprake gemaak daar nie.

En vryheidsliedere gesing? -- Dit was net kerkliedere gewees.

Was daar nie gepraat oor die ding dat hy sy lewe verloor het in onluste nie? -- Dit het ek nie gehoor dat dit gesê word nie.

Was daar jongmense by die nagwaak gewees? -- Ja, ook baie oumense.

Hoekom is jy so bekommerd om te sê van die oumense? Hoekom wil jy nie ook vertel van die jongmense nie? -- Ek word mos verwag - dit word mos van my verwag dat ek moet verduidelik watter soort persone daar was, net soos die vraag gestel word aangaande die jong mense.

Die jongmense was hulle van die drie hoërskole daar in Seeisoville of Maokeng soos dit bekend is? -- Dit was skoolkinders van verskillende skole.

En hulle het ook verskillende organisasies verteenwoordig. Is dit nie so nie? -- Ek het nie organisasies daar gesien nie. Ek verstaan eintlik nie hoe u dit nou bedoel nie.

Was daar nie verteenwoordigers van COSAS op daardie nagwaak nie? -- Nee, daar was nie.

Weet u dat daarso 'n COSAS tak bestaan in Seeisoville? -- Ek weet nie daarvan nie.

Op daardie tyd bestaan het? -- Dit het ek nie geweet nie.

Is dit nie so dat u kinders self wat in die skool is,

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het hulle nie ook aan COSAS behoort nie? -- My kinders het my nog nie van so iets gesê nie.

En AZASO? -- Ek weet ook nie daarvan nie.

Die onderwyskollege wat daar in Kroonstad is, in die swartwoonbuurt, is dit waar onderwysers opgelei word? -- Nee, maar die onderwyskollege is in Constantia.

Is dit nie ŉ deel van die hele swartwoonbuurt nie? -- Dit is.

En word daar swartonderwysers opgelei by daardie onderwyskollege? -- Ja, dit is hoe ek dink, want ek sien gewoonlik daar swartmense se kinders.

En is dit so dat daar bestaan ŉ organisasie bekend as AZASO, Azanian Students Organisation? -- Dit sal ek nie weet nie, want ek het nie ŉ kind wat in daardie klas is nie.

Het u ooit gehoor van COSAS wat bestaan daar in Maokeng, dit is nou die hele groot swartwoonbuurt? -- Nee, ek het nog nie daarvan gehoor nie.

Het jy kennis gedra van MASO, Maokeng Students Organisation? -- Ek het nog nie daarvan geweet nie.

Nog nooit daarvan gehoor ook nie? -- Ek het nog nie daarvan gehoor nie, want my kinders het my nog niks daarvan gesê nie.

Wie het die mense georganiseer en vergaderings gehou daar in die woonbuurt? -- Watter vergaderings, by watter gebied?

In daardie woonbuurte? Wie het vergaderings daar gehou om die mense te nooi na vergaderings, openbare vergaderings? -- Ek het nog nie gehoor dat daar vergaderings was wat gehou is nie.

Was die mense nie daar ontevrede met die raadslede

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie? -- Ek het nog nie gehoor dat daar klagtes was oor die raadslede nie.

U sien, daar was voorgegee in die skoleboikotte en organisasies wat daar was soos COSAS en AZASO, het georganiseer en aangedring en dit het die resultaat gehad dat vier raadslede bedank het as gevolg van die druk van die inwoners van daardie gebied? -- Dit weet ek nie van nie. Ek het dit nie gehoor nie.

By hierdie tweede begrafnis waar u was van Pappie, waaroor het Bloem - wat het Bloem alles te sê gehad op daardie begrafnis by die graf? -- Ek het alreeds gesê dat ek laat daar opgedaag het. Ek het net in die voertuig geklim wat ek gebruik het as vervoer vir my. Dit was na alles gesê was.

En by die graf? -- Hy het gesê dat die graf toegegooi word so gou as moontlik sodat daar weggegaan moet word en terwyl die predikant besig was om nog te preek, was die mense alreeds besig om die graf toe te gooi.

Is u dadelik daar weg daarna? -- Ons het daar gou weggegaan.

Weer met die Kombi? -- Ja, met dieselfde Kombi waarmee ek vroeër gery het.

Is dit nou voordat die voetgangers daar by die begraafplaas weg is? -- Mense het verskillende rigtings gestap na die verskillende vervoer toe. Van die mense het te voet gestap.

Antwoord nou net my vraag. Het julle al gery voordat al die mense by die begraafplaas weg is, die voetgangers? -- Ons het op dieselfde tyd almal daar weggegaan.

Julle is voor die voetgangers uit? -- By die begrafnis

as/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

as mense die begraafplaas verlaat word daar nie gereël wie die eerste sal moet uitgaan, die voetgangers of een met 'n voertuig nie. Dit hang net af wie ook al vroeër uit is. Dit hang net af.

Antwoord nou maar net my vraag. Ek vra nie vir u wat is gereël nie. Ek vra vir u wat het gebeur? Is julle voor die voetgangers daar weg? -- Mense was besig om die begraafplaas te verlaat. Ek kan nie sê wie van daardie mense te voet sou gestap het en wie in voertuie sou gery het nie.

Het jy nie gesien wat gebeur met die voetgangers toe hulle by die ingang van die lokasie kom nie? Julle was al weg gewees of was julle nog nie? -- Ek het die voertuigeienaar versoek om so gou as moontlik te maak, want ek was nog steeds beseer.

Antwoord nou net die vraag. U het nie gesien wat maak die voetgangers toe hulle by die lokasie se ingang kom nie? -- Ek kan dit nie getuig nie, want ek is vroeg by die oorledene se huis.

So, u kan nie uit persoonlike kennis vir die hof sê wat u waargeneem het hoekom die polisie daar op die mense geskiet het nie? -- Volgens my het die polisie sommer geskiet daar, want toe ons weggery het terug na die oorledene se huis toe, op die hoek van Constantia het ek opgemerk dat die polisie daar gestaan het met die vuurwapens wat in die rigting van die begraafplaas gerig was.

Het die voertuie daar gestaan? -- Langs die polisie was daar voertuie gewees, maar hulle was uit die voertuie uit.

En u het nie gesien toe hulle skiet nie? -- Ek het gesien toe hulle geskiet het. Dit is juis die rede dat ek die drywer van die Kombi gevra het om by 'n plek daar af te

draai/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

draai dat ons weg kom.

Hoekom het u dan nie vir die hof gesê toe u getuienis-in-hoof gegee het oor hierdie skietery van die polisie nie? -- Niemand het vir my gevra waar die polisie gestaan het en hoe hulle daar gestaan het nie.

Maar as ek u reg verstaan het is u vinnig by die begraafplaas weg, u was haastig, die voetgangers moes tog seker agter u gewees het? -- Ja, ek neem aan dat hulle in ŉ groot getal agter gebly het want ons is vinnig weg, soos ek alreeds vir die hof verduidelik het hoe.

En u het verby die polisie gery daar? -- Hulle het eenkant gestaan daar by die plek waar ons moes afgedraai het.

En u het verby hulle gery? -- Ons het nie by hulle verby gery nie, want hulle het daar gestaan en in ons rigting gekyk terwyl ons aangekom het.

En toe? -- Net voor ons by hulle gekom het het hulle die goed geskiet wat rook veroorsaak.

Het hulle dit na julle toe geskiet soos julle aangekom het met die voertuie? -- In ons rigting geskiet, ja. Dit is die rigting waarvandaan ons gekom het.

Het hulle na die voertuie geskiet? -- Volgens wat ek gesien het, al wat hulle van plan was om te doen was om net die rook te veroorsaak daar, maar ons was al ŉ entjie ver van hulle af diep in die lokasie in.

So, dan vra ek weer vir u, het hulle na die voertuie toe geskiet? -- In die rigting van die voertuie het hulle geskiet.

Glad nie na voetgangers geskiet nie, maar na die voertuie? -- Die voetgangers was besig om aan te kom. Hierdie ding wat hulle geskiet het sou almal affekteer wat daar was.

Maar die voetgangers was toe nog ver gewees? Dit

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was net die rook wat hulle geaffekteer het? -- Die mense het vinnig beweeg. Hulle was nie so ver gewees nie.

Het jy gesien dat daar klippe gegooi word waar die polisie is? -- Daar is nie klippe daar nie. Dit is ŉ oop veld en al wat ek daar gesien het is gras. Dit het ek nie gesien nie.

Hoekom het jy nie gesien toe die klippe gegooi is nie, want daar is tog klippe gegooi daar? -- Ek het niemand gesien wat klippe hanteer het nie en ek het ook by geen plek daar gesien dat daar klippe was op die grond nie.

Het jy gesien dat daar mense was wat voëlrekkers gehad het, ketties? -- Nee, ek het nie gesien nie.

Ek stel dit aan u, wat gebeur het daar is dat die polisie toe die polisie daar gestaan het, het die mense weer daar versamel? En toe die polisie vir hulle sê hulle moet uitmekaar gaan, het hulle geweier en het hulle die polisie aangeval met die klippe? -- Dit het ek nie gesien nie.

Was jy dan toe al weg gewees? -- Dit het ek nie gesien nie. Ek het miskien gesien daar waar ek was wat daar gebeur het.

Die persoon met die naam Wolf, hoe ver woon - is hy in dieselfde omgewing as julle? -- Nee, hy woon ver van ons.

Een aspek. Die persoon Bloem, het jy hom ooit gesien by ander begrafnisse daar in die swartwoonbuurt dat hy as ŉ seremoniemeester optree? -- Ek was nie by Wolf se begrafnis gewees nie.

Enige ander begrafnis? Nie mense wat in onluste omgekom het nie, maar mense wat gewoonweg afgesterf het? -- Nee, ek het hom nie gesien nie.

Nooit nie? -- Nooit.

As ek u getuienis dan so verstaan het was hy eintlik

ŉ/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

'n heeltemal onbekende persoon daar in die swartwoonbuurt? -- Nee, hy was goed bekend, want voor dit het hy vuurmaakkole verkoop en vuurmaakhout tussen die mense.

Het hy gesmous daarmee? -- Ja, gesmous in die strate.

Het u self by hom hout en kole gekoop daar? -- Partykeer, ja. Partykeer het ek van die winkels gekoop.

So, kan 'n mens sê - vir hoeveel jaar het hy daar gesmous sal u sê? -- Ek sal nie kan sê hoeveel jaar dit was nie.

Maar oor die tydperk wat hy daar gesmous het, het u darem seker dikwels by hom gekoop alhoewel nie altyd nie? -- Ek het wel van hom af gekoop, maar ek was nie daaraan gewoond om by hom te koop nie. Ek het net by hom gekoop as ek nie kole het nie en dan gaan hy miskien daar verby. Dan stop ek hom met die kole.

Maar dit moes seker darem verskeie kere gewees het? -- Ek het nie juis veel ag daarop geslaan om op te let hoeveel maal ek by hom gekoop het nie.

Is dit toe u agter gekom het dat hy kan julle taal goed verstaan, hoewel hy dit nie kan goed praat nie? -- Ek het geen geselskap met hom gehad nie. Ek het net vir hom gesê dat ek kole wil hê. Dan het hy die kole ingebring. Nou ja, dit meen hy het geweet wat ek soek en hy het verstaan wat ek soek.

Is dit wat jy agter gekom het met die onderhandelings met hom dat hy julle taal goed verstaan? -- Ja, ek sal sê dit was in daardie tyd gewees, maar ek het nie veel belang gestel om te weet of hy nou Sotho kan praat of nie.

En toe jy netnou vir die hof gesê het jy het hom ontmoet drie dae voor die begrafnis van Matches, toe was dit nie die waarheid gewees nie? -- Dit het ek gesê omdat dit lank terug



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was dat ek hom gesien het, toe ek hom weer daar gesien het.

U sien, want ek wil dit aan u stel dat hierdie begrafnis van Matches waar beskuldigde nr. 20 teenwoordig was het hy bygewoon as verteenwoordiger van UDF?-- Dit weet ek nie van nie en ek kan nie daaroor getuig nie.

Is dit nie ook so dan dat Bloem is ook algemeen bekend daar in daardie woonbuurtes as ŉ verteenwoordiger van UDF nie? -- Ek het dit nog nie gehoor nie.

En hy is gevra om die vergadering dan te doen, is dit nie so nie, omdat hy juis met UDF skakeling gehad het? Die begrafnis? -- Dit weet ek nie.

Is dit nie daar gesê dat hierdie begrafnis word die koste betaal deur die UDF nie? -- Ek het dit nie gehoor nie.

Was Bloem die enigste man wat bygedra het tot die koste van hierdie begrafnis? -- Daar was ook ander winkeleienaars wat gehelp het om iets daar by te dra.

Is die kis nie bygedra deur Bloem nie? -- Dit kan ek nie oor getuig hoe die kis daar gekom het nie, maar wat my betref, die oorledene se ouers het dit toe gekry.

En is dit nie eienaardig nie dat net - is dit nie dat net die persoon Bloem gevra was om te help met hierdie begrafnis nie? -- Nee, ek het dit nie so opgevolg om te weet wat presies gebeur daar nie.

Het daar van die swartwinkeliers in die swartwoonbuurt self bygedra tot die begrafnis? -- Ja.

Hoekom is so ŉ persoon dan nie gevra nie? Hoekom ŉ persoon uit die kleurlinggebied uit? -- Om wat te doen?

Om seremoniemeester te wees op hierdie begrafnis om reëlings te tref vir die begrafnis nie? -- Dit weet ek nie hoekom dit gedoen was nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het julle as ŉ familie dit nie bespreek nie? -- Dit is nie dinge wat ek opgevolg het om te weet waarvoor dit gedoen word nie.

Ek vra het julle as ŉ familie dit nie dan bespreek nie? -- Ek is nie ŉ persoon wat nuuskierig is om alles te wil weet nie.

Is dit jou antwoord? -- Ja.

Was daar in September 1985 ŉ verbruikersboikot gereël in Kroonstad? Eers in Junie 1985, was daar een gereël? Om nie te gaan koop by blankewinkels en so aan nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie, want ek het van die winkels af gekoop.

In September 1985 was daar toe ŉ verbruikersboikot gereël? -- Ek het dit nie gesien nie, want ek was in staat gewees om enige ding te doen.

Was daar op enige stadium in 1984 tot die eerste helfte van 1985 ŉ kampanje daar en vorms rondgeneem vir die "million signature campaign" van UDF? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Het mnr. Bloem nie daar ŉ kampanje gevoer en die vorms, plakkate daar uitgedeel vir die "million signature campaign" van UDF en ook die vorms rondgeneem nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie, ek weet nie daarvan nie.

En ook bygestaan toe weer deur die skoolkinders daarso om dit te doen vir hom nie? -- Ek weet nie daarvan nie.

In u getuienis in die geheel wil ek dit aan u stel dat u probeer baie dinge vir die hof wegsteek? -- Soos wat?

Soos dat daar organisasies in die skole is soos COSAS, AZASO, MASO wat die mense georganiseer het daar in Seeisoville en die gebiede daar? -- Ek weet niks daarvan nie.

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dit is nie dinge waarin ek belang gestel het nie.

Dat daarso 'n kampanje gevoer was deur hierdie organisasies teen swart plaaslike besture en die raadslede? -- Ek hoor dit vir die eerste keer.

En dat daar geweld gepleeg was op 11 Februarie juis teen raadslede, polisiebeamptes, eiendom van raadslede om raadslede te dwing deur intimidasie en geweld sodat hulle moes bedank? -- Dit weet ek nie van nie, want by alles wat gedoen is in Kroonstad was die raadslede teenwoordig.

En is dit nie so dat daarso toe as gevolg van hierdie intimidasie en geweld en die vrees wat ontstaan het vier raadslede wel bedank het nie? -- Dit weet ek nie van nie. Al wat ek geweet het was dat die mense daar gewerk het. Ek het nie geweet wie bedank het en wie nie bedank het nie.

Is dit nie so dat daar ook op 27 Februarie toe die Wolf persoon begrawe is ook polisie se huise aan die brand gesteek is met petrolbomme nie? -- Ek het alreeds gesê dat ek nie Wolf se begrafnis bygewoon het nie.

Maar u moes tog as 'n inwoner van daardie gebied tog geweet het dat daar op daardie dag vier of vyf polisiehuise met petrolbomme aan die brand gesteek was? -- Ek het vir die hof hier gesê dat ek sal getuig oor wat ek gesien het en wat ek nie gesien het nie, sal ek nie oor kan getuig nie.

In 1983, Novembermaand, was daar raadsverkiesings gewees in Kroonstad? -- Ek onthou dat daar wel verkiesings was van die raadslede. In watter jaar dit was, kan ek nie meer onthou nie.

Kan u onthou dat daarso toe deur UDF en organisasies wat aan UDF behoort, soos COSAS, AZASO geagiteer was teen raadslede en die raadsverkiesings, dat hulle "puppets"

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die regering is? -- Ek het nie daarvan gehoor nie, want ek het self deelgeneem aan die verkiesings en ʼn raad gekies op die raadslede.

En dat mnr. Dennis Bloem ook die volgende jaar met die verkiesing van die kleurlinge plakkate orals in daardie woongebiede opgesit het teen verkiesings? -- Dit sal ek nie op kan antwoord nie. Dit het niks met my te doen nie.

Het beskuldigde nr. 20 dikwels in daardie gebied gekom gedurende die jare 1984/85? -- Nee, ek het hom nie gesien nie, behalwe dat ek hom by die begrafnis gesien het.

Behalwe by die begrafnis het u hom nooit daar gesien in Kroonstad gedurende 1984 en 85 nie? -- Hy was een persoon wat baie skaars was om gesien te word. Ek het al by ʼn huis gewoon, dit wil sê die standplaas agter sy ouers se huis. Hy was self skaars gewees. So, om daardie rede was dit nie vir my snaaks nie. Hy was ʼn skaars persoon.

Het u hom nie dikwels daar in die teenwoordigheid van mnr. Bloem gesien nie? -- Ek het hom een maal gesien by sy huis waar daar ʼn partytjie aan die gang was en sy ma het hom aan my voorgestel. As dit nie was dat sy ma besluit het om dit te doen nie, sou ek hom nie eers geken het nie.

Is dit nou nadat hy ontslaan was uit Robben Eiland? -- Ja, dit is nadat hy uit die tronk ontslaan was.

As hy so ʼn skaam persoon of so ʼn skaars persoon is soos jy sê, was daar seker nie veel mense by die partytjie nie?
K1187 -- Daar was wel baie mense teenwoordig daar, van die mense wat hom geken het, want die meeste van die mense in Kroonstad ken hom. Ek is blykbaar een wat hom nie so goed geken het nie.

Hoeveel mense was daar by die partytjie? -- Honderd

of/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

of tweehonderd.

Wie het die partytjie gereël? -- Dit het ek nie veel aandag aan gegee nie, want ek was die meeste van die tyd in sy moeder se geselskap. Ek het niks met ander dinge te doene gehad nie, as ŉ buurvrou.

En mnr. Dennis Bloem, was hy ook op daardie partytjie? -- Op daardie tydstip het ek hom nie geken nie. Ek sal dus nie kan sê of hy daar was of nie.

Watter jaar was dit gewees? -- Ek het nou vergeet watter jaar dit was. Ek kan nie meer onthou nie.

Het jy nie toe al hout en kole by mnr. Bloem gekoop nie? -- Ek dink amper dit was voor dit, want indien dit na dit was, sou ek in staat gewees het om hom te herken as ŉ persoon van wie ek al hout en kole gekoop het.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : U het gesê u kinders was by die "higher". Wat se "higher" was dit? Hou oud was u kinders gedurende 1985?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nou haar eie kinders?

MNR. BIZOS : Eie kinders, ja. -- As ek reg onthou was die een 11 en die ander een 13. Hulle was op dieselfde skool gewees albei van hulle.

Wat is die naam van daardie skool? "Higher" wat? -- Dit is Phomolong Higher.

Is dit ŉ hoërskool of is dit ŉ "higher" skool van iets anders? -- Dit is ŉ hoër Primêre skool.

GEEN VERDERE VRAE.

K1188 DAVID MKHONDO KHAMBULE, d.s.s. (Through interpreter)

EXAMINATION BY MR BIZOS : Mr Khambule, do you live at 2945 Rooistene, Sharpeville? -- Yes, that is true.

Are you a 32 year old bricklayer? -- Yes, that is true/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

true.

Do you live there with your wife and three children and is your wife a creche supervisor? -- Yes, that is so.

Other than any church organisation that you belong to, did you belong to any political organisation in 1984 in Sharpeville or elsewhere? -- No, I was not.

Did you take part in any election to elect councillors in 1983? -- No, I did not.

Is that because of any conviction that you should not take part or any other reason? -- No, there was no reason whatsoever.

Did you receive a notice in August 1984 of the rent increase? -- Yes, I did.

Did you yourself go to any meetings where this rent was discussed? -- No, I did not go anywhere.

Were you due to go to work on Monday morning, 3 September 1984? -- No, that was my first day on leave.

How did you plan to spend your first day of leave? -- I had decided to go and work in my garden.

Did you have any fears that there would be any trouble on the morning of the 3rd? -- No, I did not know about that.

What time did you start working in your garden? -- It was before 06h00.

Whilst you were working in your garden, did you notice any unusual activity on the road? -- No, I noticed people going to the transport as usual as it happens every day.

What street do you live on? -- Seeiso.

When you started working there in your garden, were there any obstructions on the road? -- No, there was none.

That early in the morning, were there any buses on

Seeiso/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Seeiso Street? -- Yes, there were.

Were people catching the buses at this time? -- Yes, some of my co-workers who were passing there even called me at about 06h15 because they were going to catch a bus which we usually catch at 06h15.

By whom were you employed at the time? -- Steward and Lloyds

For how long had you been in their employ in 1984? -- I started working for them on 19 September 1978.

Later that morning, did you notice anything unusual on Seeiso Street? -- Yes, I did.

What did you notice? -- I noticed a van. It was travelling in the direction of the police station and the communal hall. It was a yellow van.

At what time was this more or less? -- At about 06h10.

What happened? -- I saw it coming again for the second time.

COURT : How do you mean? Returning? -- Yes, returning from the direction of the police station coming down. It is only then that I noticed that it was being driven by a white policeman.

MR BIZOS : What did you see then? -- This was followed by these vehicles. A big truck which we usually call a four-roomed. Then there was another vehicle beige in colour also following these. They came to stop not far from where I was busy with my garden in Seeiso Street. When I took a further look to see who the occupants were, I noticed that the yellow one had white policemen and the beige one also had white policemen. The four-roomed one was alighted by blacks.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : Did they alight? -- Yes, they

were/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

were clad in a camouflage uniform.

MR BIZOS : What did they do? -- What happened is, the two black policemen took position in the middle of Seeiso Street. Seeiso Street is a two-way street with an island. These two policemen took position on the island, which is the island in the middle of the street dividing the two travelling lanes.

At what time was that about? -- Well, it was some seconds after 06h10.

At the time that these police vehicles came onto Seeiso Street were there any obstructions in Seeiso Street? -- From where I was looking in the two directions up left and right, there were no obstructions along Seeiso as far as I could see.

Were buses still running when you saw the policemen being deployed on the island? -- Just after they got off to take position there the 06h15 bus then pulled off.

Is that the bus that you referred to earlier? Is that an ordinary bus or a special bus belonging to the particular firm? -- It is an ordinary bus which is used by everybody, but that is the bus which the majority of us boards going to work.

To Steward and Lloyds? -- Yes.

What about taxi's, were they running? -- Yes, they were running because even at 06h30, the 06h30 bus also pulled off.

Were there any obstructions on Seeiso Street at 06h30? -- No, there was none.

Were you alone in watching this deployment of the policemen on the island of Seeiso Street? -- No, I was not alone. There were other people in the street, some standing at the different bus stops.

Only/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Only on the bus stops? -- No, the taxi ranks as well.

What about the front gardens or the front yards? -- Looking up the street there were people standing in their front yards. That is to my left and to my right in the direction of the f our way stop. There were people standing.

These people at the taxi ranks and at the bus stops and in their front yards, were othey behaving in a riotous way? -- No,there were people just standing there doing nothing and those going to work were boarding their transports going to work.

Whilst this was happening, did this tranquillity continue or did something else happen? -- Yes, the tranquillity carried on. It was at about 06h30 when I went into the house to go and wash with a view of going to a meeting because I had heard of a meeting which was to be held.

Where? -- At the Anglican Church at 21h00.

And what had you heard? What was the meeting about? -- On 2 September on may way from Orlando where I had gone for soccer I met people in the township saying that they were from a meeting and those were the people who told me about this meeting which was to be held on the 3rd.

Did they tell you what the purpose of the meeting of the 3rd was? -- What they said was the question of rent is still being discussed and this day they are going to submit some documents which were signed in relation to the question of the rent and some documents will be brought to the minister's house. Some shall have to be signed there.

As a result of what you heard did you decide to go to the meeting? -- Yes, that is what I heard.

After you had washed, did you come out of the house



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

and see what was happening on Seeiso Street? -- When I came out of my door my kitchen door is facing this direction as I am standing here facing in the direction of the Free State.

COURT : In the direction of the Free State? -- Yes, as you come into my yard there is a verandah. Coming around that verandah you find a door facing in the direction of the Free State.

If the door faces in that direction, it will take you ages to get to the Free State. You will get there quicker if you look in Mr Bizos's direction.

MR BIZOS : Is the Free State south or north of Sharpeville?

COURT : When you stand in your kitchen door the sun rises to your left? -- Yes.

Accept it then that your door faces south.

MR BIZOS : What did you see at about 06h55? What was going on there?

MNR. JACOBS : Die getuie het nie gesê dit is 06h55 toe hy daar uitgekom het nie.

HOF : Ja, dit is nie heeltemal reg nie. Dit is nie getolk nie, maar dit is wel gesê.

TOLK : Heeltemal reg. Dit is nie getolk nie, want ek het dit ook nie oorgetolk toe daar 'n vraag was nie.

HOF : Laat ons die ding nou regstel, watter tyd praat ons van? What time are we talking about? -- It is when I finished washing.

The time was? -- It was 06h55.

MR BIZOS : What did you see going on in Seeiso Street? -- I heard some noise from outside which sounded to me as a shot from a gun.

Yes, did you look to see what was going on? -- I went

aroun d/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

around the house to the front door. Just on my way to the front I noticed some children running. These were wearing school uniforms and they were being followed by the police. When I went further to go and see what was happening, I noticed that there were more policemen and there was some smoke which was affecting me and then I went back into the house as a result of that smoke. I remained in the house and I felt my eyes were itching. I took some water to wash and then felt much better after washing and remained in the house. Not long on realising that it was a bit quiet, I went out of the house again. When I came out I noticed some people standing outside there. I also stood in my yard. Whilst standing there for that short time some people were passing there asking me what was happening. We saw people running and there was some smoke which was affecting people. What was that smoke? I said I do not know. While we were standing in the yard some people on the further point of Seeiso Street on the other side started shouting "Look at what is happening at Putsoastene." As a result of that I went out of my yard in order to be able and have a view of Putsoastene. I saw people dispersing there and there was a lot of police vehicles coming. The police vehicles that I saw were the yellow ones which we call "F Moed"(?) They originally come from De Deur. Police vans were also there and then a yellow coaster. This one had doors on both sides of it. As it went past there there was some shooting going on from that one. Then I ran into the house.

From the coaster? -- Yes, from the coaster. It was not only from the coaster that there were shots being fired. It was also from these other vehicles as well.

What/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

What was being fired at what? -- There were people standing in the street in groups. When the police vehicles went nearer them, these people would run away. Then some shots would be fired.

How large or small were these groups that were being fired at? -- My estimation was seven, eight or nine in number.

At what time was the shooting at these groups taking place? -- At about 08h00 when the police came there.

When these police vehicles were doing this, were they impeded in any way from driving on Seeiso Street by obstructions of any sort? -- No.

Before these groups were shot on, did you see anyone of the group or any person throwing stones or behaving in a riotous fashion in any way? -- Not within the distance that I could see.

Did anything strike any portion of your house? -- Yes, a rubber bullet which hit my front door. The door is made of planks. Now they are standing parallel down. It hit the middle one which as a result of this, broke and fell into the house.

Were you in a group in front of your house or not? -- We were not a group. If I remember well in my yard we were only five people.

Strangers or members of your family? -- People who were living in that street with me.

COURT ADJOURNS TILL 1 MARCH 1988.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.